

**Watter rol behoort gemeenteleiers in die  
geloofsvorming van tieners te speel?**

**Meestersgraad Mini-Tesis**

**Deur: Floris Stephanus Welthagen  
2010061030**

**Departement Praktiese Teologie  
Universiteit van die Vrystaat**

**13 November 2017**

**Studieleier: Dr. L. Hoffman**

## **VERKLARING**

**“Ek verklaar dat die skripsie wat hierby vir die graad MDiv aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die skripsie ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.”**

# Inhoudsopgawe

## **Hoofstuk 1: Navorsingsvoorstel**

1. Inleiding .....	4
2. Navorsingsvoorstel	
2.1 Metodologie .....	6
2.2 Probleemstelling .....	8
3. Bydrae van die studie.....	8

## **Hoofstuk 2: Die Verhouding tussen Gemeenteleiers en Tieners**

1. Inleiding .....	11
2. Betrokkenheid by jeugbedienings in gemeentes.....	11
3. Aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners .....	13
4. Rol van die aktiwiteite in tieners se lewens.....	15
5. Ervaring en aanspreking van leemtes .....	17
6. Samevatting .....	19

## **Hoofstuk 3: 'n Benadering tot Geloofsvorming**

1. Inleiding .....	21
2. Geloofsvorming volgens Fowler .....	21
3. Geloofsvorming en ontwikkeling .....	24
4. Samevatting .....	26

## **Hoofstuk 4: Die Rol van Gemeenteleiers**

1. Inleiding .....	28
2. Kerk en tieners .....	28
3. Die Bybel en jeug en 'n 'perfekte jeugprogram' .....	33
4. Die Pastorale rol van jeugleiers.....	38
5. Samevatting .....	41

## **Hoofstuk 5: Slot** .....

Bronnelys .....	47
Opsomming .....	49
Summary .....	50
Ingeligte toestemming.....	51
Addendum A .....	53

Addendum B .....	55
Addendum C .....	57

# Hoofstuk 1

## Navorsingsvoorstel

### 1. Inleiding

Vir gemeenteleiers is dit belangrik om die tyd en konteks waarbinne tieners leef, te ken. Avenant & Hoffman (2015:63-64) bring onder ons aandag dat daar 'n tyd was waar die ouers en huisgesin die grootste rol in geloofsvorming vertolk het. (Vgl ook Avenant (2011) wat sê dat ouers 60-80% van die verantwoordelik binne geloofsvorming vervul.) As ons kyk en dink waar die tieners binne die kerk en die belangrikheid van geloof gevind word, staan ons met verbasing en verwondering - Avenant & Hoffman (2015:65) identifiseer die volgende statistieke wat die rol van die kerk uitlig:

*Die grootste rolspelers in die respondente se geloofsvorming vandag is predikante 48% (141); ma's 47% (138); pa's 38% (114); ...: kategete 20% (60)*

Daar kan baie moontlike redes wees vir die skuif wat plaasgevind het. Wat ook al die redes was vir die skuif wat plaasgevind het, word nie nou verder ondersoek nie. Die hoofdoel van die skripsie is om net aandag daarop te vestig dat gemeenteleiers ook 'n groot invloed het op die ontwikkeling en groei by tieners. Die predikant vervul nou omtrent dieselfde rol in 'n tiener se geloofsvorming as die ouers. Juis daarom ag ek die studie van die rol van gemeenteleiers as belangrik. As gemeenteleiers werklik 'n groter rol vervul, is dit ook belangrik dat die verantwoordelikheid wat hulle teenoor die tieners het, moet toeneem. Wanneer daar gepraat word van gemeenteleiers is die gedagte dat daar nie werklik 'n onderskeid moet kom tussen die leraar en kategete nie. Daar is ook nie ruimte om die een hoër te ag as die ander nie, maar te besef dat elk 'n unieke aanslag tot die bediening het van tieners. Vir die studie word daar gekyk na 'n jeugleraar of jeugwerker as die rol van 'n leraar/predikant.

Ons kan uit dit wat ons lees in die Bybel oor Jesus se bediening teenoor kinders baie leer. Jesus het kinders hoër geag as wat die norm binne die gemeenskap was. Ons lees in Matteus

19:13-14 hoe Jesus die kinders as belangrik geag het vir die koninkryk. 'n Mens kan dit soortgelyk verstaan teenoor hoe met tieners gewerk word binne die gemeentes. Hierdie teks spreek ook van 'n verdere en duideliker verstaan oor waar die volwasse in die gemeente is. Die volwassene is saam met die jeug op die reis om meer te vind en te verstaan. Die koninkryk is vir al die persone wat soek na Christus en 'n verhouding met Hom het. Die koninkryk is vir hulle wat die pad van geloofsvorming stap opsoek na 'n verhouding wat gevestig is in die verlossing van die Here.

*Die mense het kindertjies na Hom toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met hulle daarvoor geraas. Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."*

Wanneer ons praat oor geloofsvorming verwys ons na die proses waardeur gelowiges gevorm word en groei in hulle verhouding met God. Avenant & Hoffman verduidelik hierdie geloofsvorming soos volg:

*Geloofsvorming is 'n doelbewuste proses waardeur die gelowige begelei word om te groei in sy/haar verhouding met God en meegaande verandering in lewenstyl. Dit behels die ontwikkeling van die gelowige se identiteit en roeping in Christus. Geloofsvorming is eintlik deelname aan God se genade werk in die gelowige se lewe. (2015:63)*

Volgens Avenant & Hoffman (2015) se studie vervul die groep wat by die gemeente as leiers dien 'n belangrike rol. Dit is vir hierdie rede dat ek gemeenteleiers - twee teologiese studente en 'n jeugwerker, identifiseer het vir hierdie studie. Soos reeds vermeld is die gedagte van 'n gemeenteleier vir hierdie studie enige persoon wat namens die gemeente betrokke is by die geloofsvorming van tieners. Leraars, jeugwerkers en studente of enige ander kategeet word as 'n leier in hierdie verband binne die gemeente beskou. Daar is 'n konstante verandering in konteks onder jeug. Sodoende moet daar ook 'n konstante evaluering wees van wat gemeenteleiers doen en aanpak om tieners onder hulle geestelike leiding te laat groei in hulle geloofsvorming.

Met bestudering van wat verskeie gemeenteleiers doen om die tieners se geloofsvorming te bevorder, kan ons moontlik 'n riglyn bied aan verskeie ander gemeenteleiers wat struikelblokke ervaar in hulle bedienings. Ons kan die studie gebruik om so ander gemeenteleiers te ontwikkel en te bemagtig om jeug se ontwikkeling op geestelike vlak te bevorder .

## **2. Navorsingsvoorstel**

### **2.1 Metodologie**

Die navorsings gaan geskied deur middel van 'n kwalitatiewe metodologie. Henwood (2014:1612) beskryf kwalitatiewe navorsing as 'n vorm van ondersoek wat nie-numeriese data en materiaal versamel en analiseer. Kwalitatiewe navorsing geskied op 'n meer natuurlike wyse as “gewone navorsing” wat “objektiewe” inligting wil verkry ( vgl Mouton & Marais 1992:164). Die navorser sowel as die aksies wat geskied probeer nie die inligting wat verkry word manipuleer nie. Dit geskied binne die natuurlik konteks waarin die aktiwiteit plaasvind aangesien konteks belangrik in kwalitatiewe navorsing is (vgl Mouton & Marais 1992:166). Inligting vir hierdie tipe studie geskied onder andere deur onderhoude en observasies. Dit gebeur nie op 'n gevorserde manier nie. Nieuwenhuis (2007:50) gee 'n moottlike en eenvoudige beskrywing hoe kwalitatiewe navorsing verstaan kan word.

*People often describe qualitative research as research that attempts to collect rich descriptive data in respect of a particular phenomenon or context with the intention of developing an understanding of what is being observed or studied. It therefore focuses on how individuals and groups view and understand the world and construct meaning out of their experiences.*

Die metode wat gebruik gaan word is om onderhoude te voer met drie gespreksgenote - gemeenteleiers wat met tieners werk van 14 tot 17 jarige ouderdom. Die gemeenteleiers bestaan uit twee Teologie studente wat in Bloemfontein betrokke is by gemeentes en een jeugwerker wat by 'n gemeente en skool betrokke is binne Bloemfontein. Die onderhoude het geskied in die jaar 2016 en is weer opgevolg in die jaar 2017. Die ouderdomme van die gemeenteleiers het gewissel omdat die persone wat met die jeug werk by gemeentes 'n diverse groep is. Daar is gesels met twee teologie studente, een was 'n vroulike student (21

jaar oud) en die ander een 'n manlike student (24 jaar oud). Die rede is om te sorg dat daar 'n diverse verstaan tussen die benaderings is. Daar was nog 'n vroulike jeugwerker (26 jaar oud) geïdentifiseer, omdat dit voorkom of die jeug 'n beter openheid het teenoor haar en die aanslag wat sy met hulle het. Hierdie navorsingsbevindinge sal aangevul word deur boeke en artikels wat relevante studies gebruik het.

Die vrae wat gerig word aan die gespreksgenote sal soos volg wees:

1. Wat behels u betrokkenheid by die jeugbediening in u gemeente?
2. Wat beskou u as die belangrikste aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners (14 – 17 jaar oud)?
3. Speel die aktiwiteit/aspekte 'n rol in die tieners se lewe?
4. Ervaar u leemtes in die jeugbediening en hoe sal u dit aanspreek?
5. Hoe sal u u betrokkenheid by die jeugbediening beskryf? (Kies slegs een.)
  - Ek werk **met** tieners en hulle geloofsvorming.
  - Ek werk **saam met** tieners aan hulle geloofsvorming.

Tydens hierdie studie sal daar ten alle tye vermy word om die gespreksgenote te benadeel en skade aan te doen. Daar sal ook slegs gebruik gemaak word van vrywillige deelname. Geen persoon sal teen sy of haar wil gedwing word om deel te wees van die studie nie. Almal wat deel vorm van die studie sal daarvan weet en kennis dra dat die studie gedoen word. Geen persone onder die ouderdom van 18 jaar sal deel vorm van die studie nie, om te verhoed dat hulle uitgebuit en misbruik word nie. Persone kan ook enige tyd onttrek uit die studie sonder dat daar teen hulle gediskrimineer sal word.

Die vier take van Praktiese teologie, soos deur Osmer (2008) beskryf, sal gebruik word om hier die studie te struktureer.

Wat gaan aan? (Deskriptiewe-interpretatiewe taak)

Hoekom gebeur dit? (Interpretatiewe taak)

Wat behoort aan te gaan? (Normatiewe taak)

Hoe sal dit hanteer word? (Pragmatiese taak)

Ons gaan in hoofstuk twee die vraag “wat gaan aan?” en “hoekom gebeur dit” beantwoord. In hoofstukke drie en vier sal die vraag “Wat behoort aan te gaan?” beantwoord word.



Hoofstuk vyf sal weer 'n oorsig oor die eerste drie vrae gee, asook die beantwoording van die laaste vraag “hoe sal dit hanteer word?”

## **2.2 Probleemstelling**

Dit kom voor dat daar binne verskillende bedieningsaspekte in gemeentes leemtes is wat ons nie altyd besef nie. Een van hierdie bedieningsaspekte is die rol wat die gemeenteleiers vervul in die geloofsvorming van tieners. Leemtes is iets wat oral voorkom in ons omgewings. Een van die hoof redes hoekom ons leemtes beleef is omdat daar baie veranderings plaasvind wat in verskillende kontekste in ag geneem moet word. Hierdie leemtes roep 'n gemeenteleier, saam die gemeente, om gereeld vrae te vra oor dit wat plaasvind binne die konteks van die persone betrokke. Ons kan die vraag vra of gemeenteleiers genoegsaam betrokke is by die geloofsvorming van tieners? Daarom is besluit op die titel vir die skripsie: **“Watter rol behoort gemeenteleiers in die geloofsvorming van tieners te speel?”**

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie beantwoord wil word, is: Watter rol speel gemeenteleiers in die geloofsvorming van tieners? Sub-vrae wat hierby aansluit is: Watter aktiwiteite doen gemeenteleiers met tieners? Watter leemtes kan identifiseer word in die bediening aan tieners?

Die navorsing wat alreeds gedoen is, help baie om die rol van die gemeente en ouers in 'n tiener se geloofsvorming te identifiseer en te evalueer. Daar is egter nie voldoende Suid-Afrikaanse studies wat aandag aan die verantwoordelikheid en rol van die gemeenteleiers in hierdie verband gee nie. Hoewel tieners meer tyd saam met hulle ouers spandeer as met die gemeenteleiers, glo ek ook daar is situasies waar die gemeenteleiers die verantwoordelikheid moet neem saam met 'n span, veral waar tieners bv. meer tyd in die koshuis spandeer as by hulle ouer-huis.

## **3. Bydrae van die studie**

Ek het 'n paar Suid-Afrikaanse artikels vooraf bestudeer het om 'n aanduiding te kry watter bydraes die huidige studie tot die onderwerp kan maak. Eerstens is dit Dr H.P. Jansen se

article, "FAITH DEVELOPMENT OF THE TEENAGER DURING THE SUNDAY EVENING WORSHIP SERVICE" (Acta Theologica 2012 vol 32(1)).

Dr. H.P. Jansen se klem van die studie is in die Sondagaand Erediens. Dit kyk na die verryking wat 'n tiener beleef in 'n erediens, deur die liturgie en momente van die Erediens. Daar is nie regtig 'n moment waar die gemeenteleiers 'n individuele of kleiner samekoms het saam die tieners nie, maar dit spreek die rol binne 'n massa aan. Dit bring my tot 'n vraag of 'n tiener in 'n massa, wel deur die gemeenteleier gelei word en of die geloofsvorming moment eerder iewers anders gevind word. Hoewel die gemeenteleier 'n belangrike rol in die erediens kan speel in die geloofsvorming van die tiener, behoort daar ook op ander wyses kontak met die tieners wees.

Tweede is dit die artikel van D.C de Wet (HTS 2003 vol 59(4)), " 'n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele." Hoewel die artikel nie na die rol van die Jeugwerker verwys nie, kan dit bruikbare riglyne verskaf. Dit gee goeie modelle deur wat gebruik kan word in 'n gemeente of gemeenskap en dit kan moontlik deur die Jeugwerker gebruik word as 'n begin of selfs 'n struktuur wanneer die Jeugwerker van nuut moet begin werk met die jeug in sy of haar gemeenskap.

De Wet (HTS 2003 vol 59(4): 1472) gee vier gesigspunte vir 'n tienerbediening.

1. Inklusiewe benadering, dit verhoed dat daar 'n skeiding tussen die verskillende generasies ontstaan.
2. Gespesialiseerde benadering, dit skep geleentheid op die jeug as leiers toe te rus.
3. Missionêre benadering skep 'n geleentheid vir die jeug om uit te reik en om ander te dien.
4. Strategiese benadering vorm die geleentheid om die kerk toe te rus om te kan dien vir die generasies wat volg.

De Wet (HTS 2003 vol 59(4): 1472) se benadering is gerig op die gemeenskap en jeugmodelle wat gemeenskapsgerigtheid bevorder. Hy noem ook die beginsels en modelle van gesinsbedieninge.

Dit kom uit beide hierdie artikels voor dat daar 'n leemte is wanneer ons praat van die rol van gemeenteleiers in die geloofsvorming van tieners. Hierdie navorsing kan as 'n hulpmiddel

dien om die evaluasie van 'n gemeenteleiers se rol in die Geloofsvorming van tieners te identifiseer en te versterk.

Avenant & Hoffman (2015:67) se navorsing toon dat 87% gesê het dat hulle tydens preke of eredienste 'n groei beleef het in hulle geloofsvorming. Saam met die preke en eredienste staan die statistiek van die kleinergroep model van kategese op 66% wat 'n impak gehad het op geloofsvorming. Slegs 30% het beleef dat daar geen invloed op hulle geloof was in kategese nie.

Die studie, aangaande die rol van gemeenteleiers, bied geleentheid om persone aan te spoor om die diversiteit van jeugbediening binne gemeentes en gemeenskappe te besef. Daar is soveel verandering wat roep vir die beantwoording van die konteks. Die studie help ook om aanduiding te gee oor leemtes wat plek vind binne ons bedieninge aan tieners. Duck (2013:27) beklemtoon dat kinders – en daarom ook tieners – belangrike gawes het om te bied. Dit gebeur soms dat hul nie 'n geleentheid gebied word om hierdie gawes uit te leef nie. Van hierdie gawes wat deur tieners gebied kan word is: spontaniteit, wonder, vreugde en ook bekommernisse (oor die lewe). Dit is die gemeenteleiers se verantwoordelikheid om die tieners aan te moedig om hul uniekheid uit te leef, en ook deel te maak van die gemeente. Deur dit te doen, moedig hul nie net persoonlike groei aan vir elke tiener nie, maar ook geloofsvorming en –ontwikkeling.

Soos ons ander bronne bestudeer kom dit duidelik na vore dat elke konteks en tyd 'n unieke verstaan het. Dit is daarom dat ons moet besef dat alle inligting wat verkry word binne 'n spesifieke konteks en tyd geskryf is. Dit vra vir 'n sensitiewe begrip van wat met die tekste bedoel of aangespreek word.

## **Hoofstuk 2**

### **Betrokkenheid van gemeenteleiers by tieners**

#### **1. Inleiding**

In hierdie hoofstuk gaan na die eerste twee take van Praktiese teologie gekyk word (Osmer 2008). Wat gaan aan met die geloofsvorming van tieners en gemeenteleiers se betrokkenheid daarby? Waarom is dit so? Daar sal gekyk word na inligting wat ingesamel is in onderhoude met gemeenteleiers asook na literatuur hieroor.

Daar is drie gemeenteleiers geïdentifiseer, waarvan twee teologiese studente is en een 'n jeugwerker is by afsonderlike gemeentes. Met die onderhoude was gepoog om inligting te verkry oor verskillende gemeentes en hulle leiers se aanpak tot geloofsvorming binne die lewens van tieners.

Soos reeds vroeër genoem was daar vyf vrae aan hierdie gemeenteleiers gerig om 'n beeld te kry oor hoe hulle elkeen binne hulle gemeente se konteks geloofsvorming en die werk met tieners evalueer. Met die besluit van watter gemeentes en persone om te nader vir hierdie gesprekke was daar gekyk dat elkeen van die persone en die gemeentes anders kyk na hoe daar omgegaan sal word met die wyse waarop bedien word binne die kerk en die samelewing.

Ons kom agter dat daar wesenlike verskille is in wat plaasvind in gemeentes en hulle bedienings deur wat in die onderhoude gesê en beleef is. Ons probeer verstaan hoe om die verskeie situasies wat voorkom, te identifiseer en te verbeter.

#### **2. Betrokkenheid by jeugbediening in gemeentes**

Die vraag wat gerig is aan die gemeenteleiers in hierdie afdeling was as volg: “Wat behels u betrokkenheid by die jeugbediening in u gemeente?”

In al drie van die onderhoude kom mens dadelik agter dat daar vir elkeen en die res van hulle gemeenteleiers 'n verskillende verstaan is wanneer ons praat oor hulle betrokkenheid by die jeug en jeugbediening. In elke onderhoud hoor ons iets anders oor hulle belewenis. Die student van die eerste onderhoud klink en lyk teleurgesteld wanneer ons praat oor die jeug en hulle bediening van die jeug. Sy identifiseer die hoop wat sy gehad het toe sy daar begin werk het, maar met tyd het sy besef dat dit meer moeilikheid is om 'n verskil te maak in die bediening. Die ander persone wat hier betrokke is toon min of geen belangstelling as dit kom tot verdere aktiwiteite as sleg kategese nie.

Die gemeente en student van die tweede onderhoud het weer 'n ander tipe verstaan wanneer hieroor gepraat word. Hy spring dadelik na die gedagte dat die bediening nie net binne die gemeente se gebou en kategese is nie, maar dat dit weier kring as hierdie verstaan. Die student praat van die aktiwiteite wat hy saam die tieners aanpak buite die gemeente grense en hulle geboue. Die student praat nie veel oor sy betrokkenheid by die aktiwiteite en aspekte op 'n Sondag nie, maar het verbaas en bietjie onseker gelyk oor wat verwag word as ons praat oor betrokkenheid.

Tydens die derde onderhoud met die jeugwerker hoor ons baie oor die betrokkenheid wat sy binne die gemeente identifiseer. Daar word deur haar duidelikheid gebied oor die aktiwiteite wat gereel word vir die volle jeugbediening en hoe hulle as gemeente die kinder- en jeugdienste en aktiwiteite spasieer en plaas. Wat treffend was was die opgewondenheid waarmee sy die aktiwiteite en aspekte bespreek het. Sy gaan ook aan om klem te plaas op die ekstra aktiwiteite wat hulle as gemeente en hulle leiers reël vir 'n Vrydagaand wanneer meeste tieners tyd spandeer saam vriende. Dit is goed om hier te hoor dat die jongmense en jeug graag die geleentheid wat op 'n Vrydag is bywoon. Sy plaas klem op die idee dat die leraars verantwoordelikheid neem vir die belydenisklasse en dat hulle op daai manier dieper insig ontwikkel oor die belydenisskrifte wat ons gebruik in die gemeentes en die groter kerk.

Soos voorheen gesien by Nel (1998:9) dat jeugbediening as die "sogenaamde nie-amptelike oorgelaat is" nie oral die geval is nie. Binne die derde onderhoud kom ons agter dat daar gemeentes en gemeenteleiers is wat belangstel om hierdie amptelike gebeure ook interessant te maak by jeugbedienings en hulle aktiwiteite deur die week.

In al drie die onderhoude kan ons hoor dat die persone wat deelgeneem het aan die onderhoude 'n groot verantwoordelikheid beleef wanneer hulle praat oor hulle betrokkenheid by die jeug. Ons kan deur die ongelukkigheid van die student in die eerste onderhoud agterkom dat sy nie gelukkig is met dit wat gebeur by die jeugaktiwiteite en die manier waarop die ander leiers reageer op die groter droom vir hulle jeugbediening nie. Dit kom voor dat die student meer sou gebaat het om deel te wees van die jeugwerker se gemeente en hulle belewenis wat ons van hoor in die derde onderhoud.

Dit is belangrik om die gemeentes se kontekste in ag te neem wanneer ons luister na die stemme wat voorkom in die onderhoude. Ons kan kyk na voorbeelde soos die gemeentes se grootte en 'n geskatte hoeveelheid tieners. As ons net eers moet kyk na die hoeveelheid tieners wat by elke gemeente is sal dit soos volg lyk. Die eerste gemeente is 'n bietjie ouer en die jeug is in die omgewing van 15 tieners wat by die jeug verteenwoordig. Die tweede en derde gemeente is groter gemeentes en het ook so meer tieners. Die tweede gemeente het tussen 240 en 300 tieners, waar die derde gemeente weer tussen 90 en 120 tieners het. Die jeug bestaan by die tweede gemeente ook uit tieners van ander gemeentes in die Bloemfontein omgewing. Elke gemeente het haar eie manier om die jeug te identifiseer en om met hulle te werk. Dit is belangrik dat die persoon wat betrokke is ook hierdie besef en dat hy/sy binne hierdie konteks en tradisie bedien. Dit sê nie dat nuwe dinge beproef kan word nie. Dit is maar elkeen wat betrokke se eie verantwoordelikheid om ook die bediening te help ontwikkel en uitbou soos wat ons hoor in Fowler se werk oor geloofsvorming wanneer hy praat van die ontwikkeling van geloofsvorming in elke persoon se eie wese.

### **3. Aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners**

Die vraag wat gerig is aan die gemeentelid in hierdie afdeling was as volg: “Wat beskou u as die belangrikste aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners (14-17 jaar oud)?”

Die student in die eerste onderhoud verwys na verskeie eienskappe wat teenwoordig moet wees wanneer iemand met tieners werk, maar sy identifiseer verhoudings en vertrou as die belangrikste tussen die klomp eienskappe. Sy is positief en opgewonde oor die gedagte dat die aspekte en aktiwiteite 'n impak kan hê binne hulle ontwikkeling en geloofsvorming. Sy verbind die vertrou en verhouding aan die wete dat 'n tiener die vrymoedigheid sal hê om

dan met 'n gemeenteleier sal kom praat en deel oor struikelblokke wat hulle beleef binne hulle lewens en hulle geloofspad.

Soos ons uit Jones (2001:31) kon leer, kan enige iets wat 'n mens wil gebruik in die jeugbediening, of 'n hulpmiddel of 'n struikelblok wees, afhangend van hoe 'n mens dit gebruik of benader. In twee van die gemeentes in die onderhoude, is dit duidelik dat hulle dit wat hul het, eerder struikelblokke laat word, as wat hul dit op so manier benut dat dit hulpmiddels word. So optrede veroorsaak naderhand 'n negatiewe houding en 'n negatiewe houding onder die gemeenteleiers, omdat dit voorkom of dit wat hul probeer doen vir die jeug, misluk. 'n Mens kan hierdie moedeloosheid en negatiewe houding agterkom by twee van die drie persone waarmee ek onderhoude gevoer het.

Die student wat deel was van die tweede onderhoud voel baie dieselfde as die een in die eerste onderhoud. Dit is weer duidelik dat verhoudings wat gebou word baie belangrik is vir die gemeenteleier. Hy hou baie by die gedagte van die eerste vraag oor die betrokkenheid by die tieners se lewens en plaas klem dat die gemeenteleiers by die gemeente waar hy betrokke is makliker met die tieners werk omdat hulle die vertroue het van die tieners in die gemeente. Om 'n geestelike pad te stap met 'n persoon beteken vir hom dat die vertroue iets moet wees wat opgebou word wanneer daar aktiwiteite gedoen word saam die tieners.

Ek kan nie in genoeg woorde beskryf hoe elkeen van hierdie persone as student of jeugwerker by 'n gemeente die noodsaaklikheid van vertroue en verhouding beklemtoon nie, maar ek glo dat die jeugwerker van die derde onderhoud dit baie mooi beskryf:

*Daar moet vertroue wees om 'n verhouding met hulle te bou. Dit gee dan diepte aan die byeenkoms en verhoudinge wat gebou word. Die mense wat betrokke is en deel is van die aanbieding, moet 'n passie hê vir wat hulle doen. Kinders voel mos maar aan as iemand nie regtig omgee of regtig daar wil wees nie. So jou hart moet by die aktiwiteite wees.*

Dit is duidelik dat die vertroue en verhoudings met die jeug van die gemeentes 'n belangrike rol vertolk wanneer dit kom tot die aktiwiteite. Uit die reaksie van die eerste vraag van die eerste onderhoud is dit duidelik dat wanneer daar 'n tekortkoming is binne vertroue en verhoudings daar min belangstelling en bywoning sal wees. Die tieners is op 'n plek in hulle

lewe en geloofsontwikkeling waar hulle self ook wil ontdek, maar nogsteeds die invloed van ander waardeer as hulle besef die ander persoon wil en is deel van die reistog wat hulle binne hulle geloof aanpak.

Vertrouensverhoudings is uiters belangrik wanneer 'n mens met die jeug werk, soos ons ook kon aflei uit Trimmer (1994:57) se werk. Hy beklemtoon 'n eerklikheid en opregtheid wanneer 'n mens die jeug nader. Juis as gevolg van die era waarin ons leef, is vertroue die een waarde wat kort. Soos ook reeds genoem, neem verhoudinge wat gebou word met die jeug, baie tyd en moeite, en almal sien nie altyd kans daarvoor nie.

Die aktiwiteite wat aan die jeug gebied word, moet hul belangstelling prikkel, maar ook nie hul tyd mors nie. Dit moet hul behoeftes aanspreek. Die jeug kan self ook betrek word by die beplanning van hul bedieninge, dan kan dit ook as vertrekpunt dien om verhoudinge en vertrouensbande te begin bou, omdat daar na hulle en hul behoeftes geluister word.

Verder is dit van onmenslike belang dat elke gemeente en elke gemeenteleier besef dat hul gemeente se konteks verskil van die volgende s'n. Dit is dus nie altyd die regte uitweg om antwoorde of oplossings te gaan soek by 'n buurgemeente nie, omdat elke gemeente se jeug en hul behoeftes verskil – wat vir die een gemeente werk, gaan nie noodwendig vir jou gemeente werk nie.

Weereens kan ons dan interpersoonlike verhoudings met die jeug beklemtoon, sodat 'n mens 'n natuurlike aanvoeling kan kry van wat hul behoeftes is, sodat dit aangespreek kan word.

#### **4. Rol van die aktiwiteite in tieners se lewens**

Dit is baie maklik om weggevoer te word in al die aktiwiteite en geleenthede wat beplan word vir die jeug. Dit is dalk 'n belangrike deel van die bediening saam jeug, maar moet versigtig hanteer word om nie te veel afgestomp te word vir die jeug nie. Die vraag wat gerig is aan die gemeenteleiers in hierdie afdeling was as volg: “Speel die aktiwiteite/aspekte 'n rol in die tieners se lewe?”



In al drie van die onderhoude is die reaksie dat die aktiwiteite 'n groot rol speel binne en vir die tieners. Die aktiwiteite is daar om hulle nuuskierigheid en leersaamheid te prikkel dat hulle aangespoor word om verder te soek en te ontdek. In die eerste onderhoud praat sy van die opbou van elke tiener se identiteit en hulle gawes. Dit leer die tieners om te besef dat hulle elkeen uniek is en hulle eie sterk en swak punte het. Onderrig vind plaas as daar 'n manier is wat die tiener voel hulle het 'n bydrae tot die gebeure.

In die tweede onderhoud praat die student van die gemak wat geskep word tussen die leier en jeug wanneer aktiwiteite reg bestuur word. Hy plaas klem op die gedagte dat wanneer daar gemak is tussen die twee partye dan is daar ook 'n groter vryheid om die leier te vra oor persoonlike kwessies wat hulle oor wonder in hulle geloof en lewe. Dit voel vir hom of die tieners makliker oopmaak teenoor hom as gevolg van die openheid tussen hom en hulle.

Die jeugwerker beklemtoon die belangrikheid van elkeen wat leer en dat tieners leer deur middel van aktiwiteite. Sy plaas baie klem op die praktiese uitvoering van aktiwiteite wat die vorming van elke tiener bevorder en aanspoor. Die gedagte dat aktiwiteite die leer proses makliker en lekkerder maak vir die tiener is omdat sy nie kategese of enige van die ander aktiwiteite as skool wil identifiseer nie. Kerk moet nie soos skool wees nie en moet ruimte skep vir die openheid van elkeen wat teenwoordig is.

Wanneer 'n gemeente 'n jeugbediening op die been bring, soos ons van (Trimmer 1994:87) kon leer, moet die benadering nie net gaan oor "ons" gemeente nie, maar moet 'n inklusiewe benadering wees wat nie net die behoeftes van die betrokke gemeente aanspreek nie, maar ook van die wyer gemeenskap. Wanneer die jeug voel dat hul behoeftes aangespreek word op 'n manier wat hul aanspoor, sal hul selfs ander mense na die bediening bring. Maar 'n jeugbediening loop altyd die gevaar om 'n oppervlakkige byeenkoms te word wat fokus op dit wat die jeug graag wil hê, net sodat die getalle beter kan lyk. Dit is nie 'n regte manier om die jeug te benader nie, want sodra hul agterkom dat hul geestelike behoeftes nie na omgesien word nie, verlaat hul die bediening en dat is dit 'n uitdaging om hul weer terug te kry, omdat daardie vertroue verbreek is. Die jeug vertrou die gemeentelidmers om 'n sinvolle bediening wat iets vir hul beteken, 'aan te bied', en sodra dit nie die geval is nie, voel die jeug verraai.

## 5. Ervaring en aanspreking van leemtes

Leemtes binne bedienings is iets wat baie maklik mis gekyk word omdat daar altyd iets anders is wat aandag verg of belangriker is as wat ons op 'n sekere plek beleef. Die vraag wat gerig is aan die gemeentelid in hierdie afdeling was as volg: “Ervaar u leemtes in die bediening en hoe sal u dit aanspreek?”

Dit is so dat daar by al drie die gemeentes waar die twee studente en jeugwerker betrokke is 'n aanduiding is van leemtes wat hulle beleef. Hierdie leemtes kan geïdentifiseer word as die blindekolle wat kop uitsteek binne die jeugbedienings by die gemeentes. Hulle noem dat hulle dink daar altyd 'n soort van leemte is en dat daar nie altyd aandag gegee word om dit aan te spreek of selfs te identifiseer nie. In die eerste onderhoud word daar gewys na die gemeente en haar lede se blindheid oor die verandering van die tydsgeselskap wat beweeg. Die student noem ook dat die gemeente en haar leiers eerder fokus op die aantal lede as die opregte verkondiging waarvoor hulle geroep is. Die gemeente stagneer in die manier waarop hulle bedien en voel dat daar nie nodig is vir enige tipe hervorming nie.

In die tweede onderhoud verwys die student na die onaktiewe tieners wat nie deel wil wees van die geleentheid wat gebied word nie. Hy praat van hulle poging om dit aan te spreek, maar dat daar nie werklik samewerking is tussen die tieners en die leiers nie. Dit mag dalk wees dat die gemeente en haar leiers so baie geleentheid geskep het wat nie werklik die belangstelling van die tieners aanspreek nie. Dit is belangrik om te besef dat die gemeente 'n oor moet hê wat luister na die belangstellings en daarop bou. Dit help nie die gemeente en haar leiers probeer dit wat hulle as belangrik ag aanbied nie, maar moet verantwoordelik omgaan met die konteks en die skuiwe daarin plaasvind.

Binne die derde onderhoud erken die jeugwerker die swakheid van mens en die gemeente se poging om by die konteks en veranderende tye wat plaasvind te bly. Hulle as gemeente probeer om te praat oor sake wat van toepassing is op hulle jongemense en jeug. Sy sê dit is belangrik om ten alle tye te probeer om die leemtes aan te spreek en te besef dat daar nie werklik 'n tyd sal kom wat daar nie meer verandering sal plaasvind binne die gemeente nie. Die verandering van die konteks het 'n groot impak op die verandering wat lei tot leemtes binne 'n gemeente.

Die kerk en gemeentes afsonderlik kan 'n besef kweek dat daar altyd leemtes sal wees binne haar bediening aan tieners, maar dit belangrik is dat daar altyd probeer moet word om hierdie leemtes aan te spreek. Leemtes kom saam met die verandering van tyd en kontekste en daarom dra die gemeente die verantwoordelikheid om saam te hervorm en die probleme van die tyd aan te spreek.

Baie van die jeugbedieninge wat hul probeer ontwikkel, neem nie altyd die gemeenteleiers se gawes in ag nie. Verder vergeet hul ook dat elke gemeente se konteks – en dus behoeftes – verskil. Hulle fokus dan, soos Trimmer (1994:85-86) uitwys, op die volwassene as leier, in plaas daarvan om eerder verhoudinge met die jeug te bou, sodat hul die werklike behoeftes wat aangespreek moet word, kan uitken. 'n Jeugbediening is nie veronderstel om 'n volwasse-gesentreerde bediening te wees nie!

'n Ander groot leemte is die feit dat elke gemeente of denominasie net na hul eie sak kyk. Hul fokus so daarop om vir die jeug 'n “denominational” identiteit te leer, dat hul vergeet dat almal eerstens Christene is. Die gemeentes en hul leiers vergeet baie keer dat hul nie in afsondering kan funksioneer nie, omdat hul deel is van 'n wyer gemeenskap. Hierdie wyer gemeenskap dra by tot die konteks – en dus die verstaan – van die jeug en hul behoeftes. Dit is beslis 'n leemte wat aangespreek kan word.

'n Ander leemte wat ook in baie gemeentes na vore kom, is die pastorale sorg wat die gemeenteleiers aan die jeug moet bied. Soos Trimmer (1994:52) genoem het, verskil die jeug en die volwassenes (en dus leiers) se konsep van tyd. Vir die jeug kan 'n twee jaar lange vriendskap 'n lewenslange band beteken, terwyl dit vir die volwassene of gemeenteleier nie so 'n diep betekenis dra nie. Dit is uiters belangrik om vir die jeug 'n ruimte te skep waarin hul hulself kan wees. Dit beteken dat die gemeenteleiers ook gemaklik met hulself moet wees en nie voorgee nie, omdat tieners die geneigdheid het om deur so 'n optrede te sien. Indien so iets gebeur, verloor die gemeenteleier dadelik daardie tiener se vertrouwe en deelname.

Dit is dus belangrik om opreg belang te stel in elke tiener se lewe, en om moeite te doen met die inligting wat ingewin is – byvoorbeeld, om 'n boodskap te stuur op hul verjaardae of om belangrike sportbyeenkomste by te woon. Die gemeenteleiers moet bereid wees om tyd aan en veral saam met die jeug deur te bring. Dit sal ook help om 'n natuurlike aanvoeling te ontwikkel vir hul behoeftes.

## 6. Samevatting

Die laaste vraag wat in die onderhoud gevra was het gevra of die drie persone wat deelgeneem het aan die onderhoud eerder sal sê dat daar gepraat word van dat daar gewerk word met of saam met tieners. Die drie persone het gesê dat hulle sal praat van om saam met tieners te werk, maar binne die eerste onderhoud is die student ongelukkig wanneer sy sê dat in meeste gevalle binne die gemeente praat hulle van die werk met tieners. Dit is duidelik dat daar verskille is binne die kerk en in elke gemeente is daar ook binne haar 'n skeiding in die gedagte oor hoe daar gepraat word van jeug en die betrokkenheid met hulle.

Ons hoor die heelyd in die hoofstuk dat daar verskille is binne die gedagtes van persone en hulle styl van bediening. Daar is wel iets wat ons kon identifiseer as belangrik en wat 'n belangrike rol speel in alles wat gedoen word binne die gemeentes. Dit is vertroue en verhoudings tussen die gemeenteleiers en die tieners. Hierdie kan gebruik word as die fondament van alle werk wat gedoen word in bedienings saam tieners en moet ook verstaan word binne die gedagte van verhoudings in die Bybel. Ons begin by God wat 'n verhouding het met die volk Israel. Daar is ook Jesus wat met mense wat Hy 'n pad gestap het verhoudings gehad het. Ons hoor ook hoe die volgelingen van Jesus as gemeenskap omgegee het vir mekaar en verhoudings van vertroue gehad het met mekaar. Daar is vele meer voorbeelde wat voorkom in die Bybel.

Soos reeds genoem, is baie min volwassenes – en dus ook leiers – bereid om die nodige aandag, moeite en tyd aan jeugbediening te spandeer. Jeugbediening se vertrekpunt is veronderstel om relasioneel te wees, juis omdat elke mens 'n relasionele wese is (Trimmer 1994:50). 'n Verhouding met God is die basis vir elke ander verhouding wat elke persoon in hul lewe het. Ons dien 'n God van liefde, 'n God wat in verhouding met elkeen wil staan – van die Ou Testamentiese tyd af reeds – en vanuit die leiers se verhouding met God, spruit opregte en liefdevolle verhoudinge met ons naaste voort.

Ons kan die hoofstuk saamvat deur terug te kyk na die twee vrae wat ons hoor van Osmer (2008). Die eerste vraag was: “Wat gaan aan met die geloofsvorming van tieners en gemeenteleiers se betrokkenheid daarby?”

Die gedagte dat alles glad sal verloop en dat ons al die antwoorde het, word hier uitgedaag. Daar is vele uitdagings wat gemeenteleiers beleef wanneer hulle praat oor die geloofsvorming van tieners in hulle gemeentes. Die besef is daar dat nie net een party verantwoordelik is vir die uitdagings nie, elkeen wat teenwoordig is moet verantwoordelikheid neem. Daar is baie praat van tyd en konteks, maar net soveel is daar sprake van die invloed van mede-leiers en die tieners.

Waarom is dit so?

Van die redes is die ontbreking van kommunikasie en vervalling in gewoontes. Daar is nie genoegsame openheid vir gesprek nie, maar die gedagte is ook teenwoordig dat dinge gedoen moet word op 'n sekere styl of wyse.

## Hoofstuk 3

### ‘n Benadering tot Geloofsvorming

#### 1. Inleiding

Die derde taak van Praktiese Teologie is om te vra “wat behoort aan te gaan?” (Osmer 2008). Daarvoor is dit nodig om eerstens te kyk wat is geloofsvorming. Daar is al verskeie werk gedoen oor geloofsvorming, maar vir hierdie studie se identifisering van geloofsvorming gaan ons fokus op Fowler (1981) se werk “Stages of faith”. Fowler (1981) identifiseer ses fases binne geloofsvorming. Verskeie persone het al vanuit ‘n postmoderne hoek kritiek op Fowler se teorie vir geloofsontwikkeling gelewer. In sy artikel “Faith Development Theory and the Postmodern Challenges” beantwoord Fowler (2001) die kritiek op ‘n oortuigende manier. Daarom sal dit tog sinvol wees om na Fowler se teorie te kyk met die oog op hierdie studie.

#### 2. Geloofsvorming volgens Fowler

Fowler (1981) identifiseer die volgende ses fases as die boustene waarop geloofsvorming plaasvind.

Fase 1: Intuïtiewe-projeksie geloof

Binne hierdie fase is kinders baie maklik beïnvloedbaar.

Fase 2: Mitiese-letterlike geloof

Binne hierdie fase begin ‘n persoon vir hom- of haarself die geloofstories aanneem.

Fase 3: Sinteties-konvensionele geloof

Binne hierdie fase strek die verstaan van die wêreld van ‘n persoon weier as die familie. ‘n Aantal sfere eis aandag van ‘n persoon: familie, skool/werk, vriende, gemeenskap en in gevalle geloof.

#### Fase 4: Indiwiduatiewe-reflektiewe geloof

Hierdie fase vind meestal plaas onder jong volwassenes, al is dit dat daar volwassenes is wat nooit tot hierdie fase kom nie. Hierdie fase is ook gemerk as 'n dubbel-ontwikkeling. Die self, wat vroeër volgehou is in sy/haar identiteit en geloofsontwikkeling deur 'n interpersoonlike kring van betekenisvolle ander, beweeg nou na 'n identiteit wat nie meer deur die rol van diegene of betekenis vir ander bepaal word nie.

#### Fase 5: Konjunktiewe (Verbindende en verbindings) geloof

Die konjunktiewe geloof praat van die integrasie na die self en die uitkyk op die dinge wat onderdruk was in die vorige fase. Die konjunktiewe geloof ontwikkel 'n kwesbaarheid vir die waarhede van die ander en verstaan van verskille.

#### Fase 6: Universaliserende geloof

Hierdie is die fase wat die minste voorkom onder mense. Wolski (1986:232) bring hierdie fase onder 'n persoon se aandag as die oomblik waar persone wat die beste beskryf word as persone wat geloofsamestellings gegenereer het waarin hulle gevoel van 'n uiteindelijke omgewing alles insluitend is. Die persone wat hulle binne hierdie fase bevind struikel soms met wie hulle as persoon is. Die rede hiervoor is omdat hulle hulself verloor in die hoop om ander te help en te verander.

Ons identifiseer Sintetiese geloof as die fase waarin tieners van 14 tot 17 jaar hulself bevind. Hoffman (2010:42) beskryf die fase as volg:

*Op hierdie ouderdom lê gesag nog steeds buite die persoon, maar daar is 'n besef dat elkeen self 'n besluit oor geloof moet neem. Gevoelens en gedagtes oor waardes dien as kriteria vir evaluering in hierdie fase. Geloof kan in hierdie fase help om eenheid en koherensie tussen verskillende rolle te ervaar.*

Wanneer ons kyk na die werk van Fowler en die persone wat voor hom en na hom gewerk het in die rigting van die ontwikkeling en groei van persone, is dit duidelik dat hierdie 'n komplekse samestelling is. Daar is menigte akademici wat vrae het oor wat die bedoeling is van Fowler (1981) se werk as hy die *Stages of Faith* identifiseer. 'n Goeie voorbeeld is die vraag van die ontwikkeling van die self. Fowler (2001:163) gee aan ons 'n voorbeeld hiervan:

*John McDargh's thoughtful and constructive article (this issue) asserts that despite*

*the usefulness and influence of FDT, it lacks an adequate account of the development of the self. He acknowledges that the theory brings together two important strands of psychological study and theory: the “Cambridge developmentalists” (Kohlberg, Selman, Kegan, and others) on the one hand, with the ego psychology of Erik Erikson on the other. But he and others whose critiques he cites lament the lack of an explicit theory of the development of the self in FDT.*

Fowler (2001:163-164) gaan hierna aan om te antwoord en begin by die stelling dat geloof en die ontwikkeling daarvan ‘n *triadiese struktuur* behou. Die drie wat binne hierdie struktuur teenwoordig is, is die persoon self, die betekenisvolle ander wat deel vorm in sy/haar relasionele verbintenis, en laastens is dit die uiteindelijke Ander (die Here). As ‘n persoon gaan kyk na geloofsvorming is dit belangrik om ook na ‘n persoon se self bewustheid binne hulle relasionele verhoudings te kyk.

*But it is a theory (story) of the self through time, as constructing meanings and being constructed, in the matrix of relationships and meanings that faith involves. – Fowler, 2001:164*

Binne geloofsvorming is die droom dat elke persoon sal groei en ontwikkel tot die sesde fase, universaliserende geloof. Die realiteit is wel dat daar min persone is wat werklik tot hierdie fase sal of kan ontwikkel. Wanneer ons met tieners werk is dit ook belangrik om nie te verwag dat hulle daar sal wees tot op hierdie vlak nie. Die ontwikkeling van elke tiener is uniek en dit gebeur dat hulle op verskillende ouderdomme nie noodwendig teenwoordig is binne dieselfde fase van geloofsvorming is nie.

Daar is wel in Fowler se werk ‘n aanduiding dat tieners van 14 tot 17 jaar oud binne die Sintetiese geloof gevind kan word. Hierdie is slegs ‘n aanduiding van die moontlikheid en nie die versekure fase waarin alle 14 tot 17 jariges geplaas mag word nie. Dit sal belangrik wees om elke persoon as uniek te beskou en op hulle eie in gesprek te tree om ‘n idee te kry van waar hulle eintlik geplaas kan en moet word.



### 3. Geloofsvorming en ontwikkeling

Geloofsvorming is een van die elemente wat teenwoordig is op meeste vlakke van die samelewing en spesiaal onder persone wat werk met of saam met tieners – soos dit ook die fokus is van hierdie tesis. Geloofsvorming is teenwoordig by Sielkunde as ‘n dissipline, sowel as Teologie (Praktiese Teologie) en Onderwys. By Teologiese studies is geloofsvorming teenwoordig op meeste vlakke, aangesien dit gesien word as ‘n lewenslange reis, en nie net ‘n ‘kursus’ wat gedoen moet word nie. Geloofsvorming gaan daarvoor om voortdurend te groei. In hierdie studie gaan ons wel net op die Praktiese Teologiese veld fokus.

Clinebell (1979:106) identifiseer geloofsvorming as die soeke na ‘n lewensvatbare filosofie vir ‘n verhouding met ‘n liefdevolle God, vir die ontwikkeling van ons hoër self. Dit is ook vir ‘n gevoel van vertroue in die heelal, vir die vernuwing van oomblikke van openbaring en vir ‘n versorgende gemeenskap wat geestelike groei bevorder. Ons persoonlike geloof kan ‘n struikelblok of ‘n hulpmiddel wees. Dit gebeur dat mense iets anders gaan soek om hulle smagting tot geloofsvorming te vul as hulle dit nie self kan vul nie. Een van die plekke waar baie mense hierdie ‘soeke’ probeer vul, is by kerke en veral eredienste. Dit is een van die redes hoekom die aansporing van erediens bywoning belangrik is vir gelowiges, maar juis dan ook die aansporing dat God se teenwoordigheid daadwerklik aangevoel kan word in die erediens.

Daar is ‘n verskeidenheid van bronne waaruit ons kan lees oor geloof, sowel as geloofsvorming. Geloof en geloofsvorming vrae strek al oor ‘n baie lang tyd wat die kerk wil weet wat en hoe dit werk. Ons kan dit bevestig in die werk van persone soos Calvyn en die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 21. Hoffman (2010:43) beskryf geloofsvorming soos volg:

*‘n Persoon word begelei tot die ontwikkeling van ‘n verhouding met die Here waarin sy/haar kennis van en liefde vir die Here al hoe meer word, wat lei tot ‘n lewe van gehoorsaamheid aan die Here.*

Wanneer ons aan geloofsvorming dink, is dit belangrik om te beseef dat dit nie geskei kan word van die Bybel nie. Geloofsvorming kan nie plaasvind sonder om godsdiens of God se Woord te nader nie. Daar is voortdurend 'n uitbeelding van groei binne die Bybel. Hierdie tekste kan iets van groei en ontwikkeling deur middel van metafore uitbeeld. Hierdie tekste praat in sommige gevalle van die persone wat groei en ander is uitbeeldings van handeling wat lei tot groei.

Filippense 1:9-11

<sup>9</sup>Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, <sup>10</sup>sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, <sup>11</sup>en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

Kolossense 1:9-10

<sup>9</sup>Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, <sup>10</sup>sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God.

Ons beseef met hierdie tipe tekste dat die Bybel die eintlike en volwaardige teks is om mee te werk wanneer ons praat oor geloofsvorming of geestelike groei. Hierdie groei wat ons bespreek kom tot ontknoping wanneer ons in onself ontdek en ontwikkel die geloof gesentreerde lewe. Dit is duidelik dat geloofsvorming nie iets is wat 'n persoon ontvang nie, maar by self betrokke is. Wanneer tieners betrokke is by geloofsvorming is dit van groot belang dat hulle deelneem om dit binne hulleself ook te ontwikkel en nie net te hoor en saam te stem nie.

As ons praat van geloofsvorming is daar in die gereformeerde tradisie vrae of geloof werklik op enige manier kan vorm of ontwikkel word as dit iets is wat ons ontvang het as gawe van die Here. Wanneer ons praat van geloofsvorming of ontwikkeling bedoel ons eintlik dat geloof nie konstant bly nie, maar gevorm en ontwikkel word deur die impakte wat 'n persoon beleef in hulle lewe.

*In die navorsing van Fowler word die verskynsel van geloof ondersoek uitgaande van die waarheid dat die mens ook 'n religieuse wese is. Mense glo. Geloof as insig dat Jesus Christus is, is 'n gawe gewerk deur die Heilige Gees. - Malan, 1998:147-148*

Dit is waar dat geloof 'n geskenk is van God, maar dit is ook waar dat God mense gebruik om geloof aan ander te bring. Geloof kan en word deur God aan mense oorgedra deur die gebruik van ander mense. God gebruik sy Woord (Jesus Christus en die Bybel), gemeentes, vriende, familie, ouers en gemeenteleiers om ander te help om hulle geloof te ontwikkel vir 'n beter verstaan en verhouding tussen Hom en mens.

Malan (1998:149) smee dat geloofsontwikkeling ernstig opgeneem moet word. Hy sê dat geloofsontwikkeling ook en nie minder as indentiteitsvinding beskou moet word nie. Dit is om werklik hulle beste self te word, die persoon wat hulle reeds is in Christus.

*Kinders word deur onderrig begelei om in feite, in die werklikhede van die lewe te word wat hulle reeds in beginsel is. Dit geld van die hele gemeente, te meer nog van hulle wat pas as kinders, saam oop die weg van Jahve met sy mense, begin het met die "trektog". – Malan, 1998:150*

Om jeug te help om te groei in hulle geloof is kom na vore binne die begeleiding van die jeug tot 'n persoonlike ontmoeting met God. Dit is die kategeet, jeugwerker en ander gemeenteleiers se verantwoordelikheid om nie net die jeug aan die gewoontes van die wêreld oor te los nie, maar om hulle te help om 'n persoonlike verhouding en ontmoeting met God te ontwikkel of te ontdek. Dit is ook hulle verantwoordelikheid om hulle afhanklikheid van die Heilige Gees te besef.

#### **4. Samevatting**

Omdat geloofsvorming iets is wat deur ander persone en gebeure binne tieners se lewens beïnvloed word, is dit soms kommerwekkend as mens kyk na dit wat in die wêreld gebeur en in huisgesinne gebeur. Dit gebeur al hoe meer dat mens hoor van egskedings en gebroke gesinne waar slegs een ouer betrokke is. Dit is in hierdie situasies wat 'n persoon begin vrae vra oor wat elkeen se impak op 'n ander se geloof en die ontwikkeling daarvan is. Dit is so

maklik om die mooi en goed wat in ons eie lewens gebeur te gebruik om ander se lewensbeeld te skep.

Geloofsvorming en ontwikkeling is iets wat ons persoonlik aan deel in ons eie lewens, maar dit is belangrik om te beseef dat ander mense ook 'n impak daarop het. 'n Persoon kan die beeld gebruik van 'n afwesige ouer. Wat soms gebeur in hierdie gevalle is dat die tiener 'n beeld van God ontwikkel wat Hom as 'n afgesonderde en afwesige ouer uitbeeld. Ons is verantwoordelik vir mekaar se verstaan en ontwikkeling van God se verhouding met ons.

Dit is ook belangrik dat geloofsvorming en ontwikkeling 'n persoonlike gebeurtenis is vir elkeen. Dat hulle sal beseef wie en waar God binne hulle lewe teenwoordig is. Geloofsvorming is waarlik 'n wye gebied wat van verskeie kante aanskou kan word.

## Hoofstuk 4

### Die Rol van Gemeenteleiers

#### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan verder ingegaan word op die Prakties teologiese vraag “wat behoort aan te gaan?” As daar uit ‘n pastorale oogpunt na jeug gekyk word, is dit logies dat die gemeenteleiers en jeugleiers ‘n belangrike rol in die jeug se lewe speel. Sodra mense in verhouding met mekaar staan, is dit onvermydelik dat daar ‘n pastorale band tussen hulle bestaan. Hierdie studie fokus spesifiek op gemeenteleiers se rol in tieners se geloofsvorming, dus is die basis van hierdie ‘rol’ wat gemeenteleiers speel, ‘n pastorale rol (veronderstel om te wees). Die leiers is die verteenwoordigers van die kerk, en in ‘n sin, ook van God. Die probleem is dat ‘n gemeente se jeugleiers, meestal net gefokus bly op daardie gemeente se jeug, in plaas daarvan dat hulle ook aan jeug buite die gemeente aandag gee.

*The resources of the congregation, its fellowship, its worship, and its organization are his indispensable allies. Yet it is he who is the leader, and the character of the resources will be largely determined by the quality of his leadership (Hulme 1962:128).*

#### 2. Kerk en tieners

As ons teologies na die probleem gaan kyk wat aangespreek word in hierdie skripsie, is dit duidelik dat die groot gebrek in jeugbediening wat voorkom, ‘n goeie teologiese grondslag is (Nel & Thesnaar 2006:91). Ongelukkig het dit ook soms so gebeur dat daar ‘n onderskeid getref word tussen jeugbediening en kategese, dit lei daartoe dat hierdie twee belangrike gemeentelike gebeurtenisse dan geskei word. ‘n Verdere bekommernis aangaande hierdie aspek, is die feit dat kategese gewoonlik teologies begrond is, terwyl jeugbediening aan die “sogenaamde nie-amptelike oorgelaat is” (Nel 1998:9).

*Die teologiese en kontekstuele vertrekpunt in hierdie publikasie is dat daar alle rede is om juis jeugbediening as 'n omvattende bediening, met die kategeese as lewensbelangrike onderdeel, te beskou (Nel 1998:9).*

'n Paternalistiese houding teenoor kinders in hierdie laaste tyd, het veroorsaak dat kategeese byna 'n eensydige – en dikwels ongelukkig outoritêre – kennisoordrag aan “onmondiges”, soos Nel (1998:10) hul noem. Die idee van jeugwerk laat dit voorkom of die Christelike boodskap vernederend is. Ongelukkig is baie jeugwerkers self nog nie seker wat hul glo nie, dus is hul poging om die Christelike boodskap oor te dra aan die jeug, 'n poging om hulself eerder te oortuig van wat hul glo, as om dit wat hul glo, uit te leef en oor te dra (Jones 2001:23). Die ruimte wat geskep is sodat jeugbediening op die tafel geplaas kan word, was nie maar 'n verbygaande een wat die aandag van individue en uiteindelik ook die kerke op die jeug, binne, maar veral buite ouerhuise, gevestig het nie. Dit is 'n gebeurtenis wat daaglik voortgaan.

Dit is so dat die jeug voortdurend in die fokus is, maar nie sommer vir dieselfde redes nie. Soms is hul in fokus as gevolg van hul rebellie, ander kere weer as gevolg van hul getalle, of hul armoede, hul betrokkenheid by misdaad, of as gevolg van hul akademiese of demokratiese frustrasies. Deur hierdie verskeie optredes, word dit duidelik dat die jeug skree om raakgesien te word, en dit is juis wat die kerk se grootste uitdaging is. Kerke moet die jeug raaksien, hulle ken (en erken), hulle “raak voel” en hulle bedien, maar hierdie bediening moet teologies verantwoord kan word. Uit Nel (1998:10), is dit duidelik dat jeugbediening omvattend is en dat dit ook die kategeese omvat.

Jones (2001:26) noem dat die uitdaging van 'n post-moderne era ook nie ontken kan word nie. Om in hierdie era te leef, kommunikeer en asem te haal, is dit noodsaaklik om bekend te raak met die kulturele patrone en denkprosesse. Jones (2001:26) lys 'n paar post-moderne credo's, maar noem ook dat daar nog bygevoeg kan word:

- Wees meer subjektief as objektief. Een persoon, of groep, kan nie 'n objektiewe siening hê nie. Om objektief te wees, moet 'n persoon buite iets staan, inkyk en dit beoordeel, maar dit is onmoontlik om objektief te wees, omdat 'n mens altyd *iewers* staan.

- Bevraagteken alles. Daar is geen gedagtes, teorieë, aannames of hipoteses wat sonder notisie verbygaan nie. Post-moderne mense is baie skeptiese mense.
- *There is no Truth with a capital T*. Een persoon se waarheid is ‘n ander persoon se teorie. Die taal van geloof en godsdiens het verander, alles is relatief.
- Vertel verhale. Narratiewe het die primêre manier geword waarmee geloof kommunikeer kan word. “Since propositional logic has fallen on hard times, stories carry more weight in conveying truths” (Jones 2001:27). Verhale kan op ‘n induktiewe of deduktiewe manier vertel word, en steeds gaan luisteraars meegevoer word vanuit hul eie wêreld na ‘n ander.
- Moet nooit lysies maak nie! Chaos en onvoorspelbaarheid is die norm. Dus, wanneer daar lysies gemaak word, poog ‘n mens om iets te “quantify”, en dan is die gevaar om iets belangrik uit te laat. “Everything will eventually happen, and the only thing you can predict is that it *will* happen, not when it will happen” (Jones 2001:27).

Wat Jones (2001:31) hiermee wil beklemtoon, is dat daar binne die post-moderne era ‘n groot behoefte daaraan is, om te ervaar – dit is in teenstand met net die aanhoor en lees van goed. Dit is dan verder ook belangrik om te onthou dat elke fase – soos reeds bespreek na aanleiding van Fowler – ‘n unieke behoefte het, daarom moet die jeugleier in staat wees om elke fase se behoeftes te kan identifiseer en daarin te kan voorsien.

Om op ‘n pluralistiese manier na hierdie probleem te kyk, beteken dat die “eenvoudige stelling”: “God is lief vir jou, en Hy het groot planne met jou”, baie vroeë ontlok. Elke persoon het ‘n unieke verhouding met God, en daarom ook ‘n unieke verstaan van Sy wil vir elkeen se lewe. Jones (2001:31) verduidelik dat ‘n persoon baie keer ‘spiritueel’ kan wees, sonder om in God te glo. ‘n Ander kwessie, is die feit dat almal nie noodwendig in dieselfde God glo nie – wat hopelik nie die geval is by die geloofsgemeenskappe waarby ons betrokke is nie (en ook nie by dié wat bespreek word in hierdie skripsie nie), maar dit bly ‘n opsie wat nie ontken kan word in die post-moderne era waarin ons leef nie.

Een van die struikelblokke of hulpmiddels – afhangend hoe elke jeugleier of gemeente dit gebruik – is die tegnologie wat elke dag meer ontwikkel. Die jeug groei daagliks saam met die ontwikkeling van die tegnologie. Dit word elke dag ‘n groter uitdaging om ‘n speletjie of ‘n tegnologiese toestel te ontwikkel wat hul aandag gaan hou. Vir gemeentes en jeugleiers is

die uitdaging dieselfde: hoe kan hulle die jeug se aandag behou en terselfde tyd steeds 'n leersame 'opvoeding' bied?

Die post-moderne era leer die jeug dat elke individu se 'god' aanvaar moet word, daarom is Christenskap se eis van eksklusiwiteit vir baie moeilik om te aanvaar. Hul natuurlike reaksie is eerder dat alle gelowe elemente van die waarheid bevat, daarom is enige godsdiens aanvaarbaar om hul spiritualiteit mee uit te druk.

*Postmodern students are deeply suspicious of those living dichotomous lives. The holistic life is one in which every area is touched by every other area. A Christian leader, student, or adult must exhibit integrity in the entirety of life. Related to holism, authenticity is a valued commodity. Some have described this as a shift "from being relevant to being real." Today, the younger generations respond, "Don't tell me how to apply this Bible passage to my life. You don't know anything about my life. Just tell me what it really means. I'll decide how to apply it." That means preaching the whole Bible – contradictions, wars, infidelity, everything (Jones 2001:37).*

Daar is minstens een ding wat waar bly: meeste jongmense (en volwassenes) gaan kerk toe omdat iemand wat hul vertrou, hul uitgenooi het. Verhoudinge met die jeug en vrywillige leiers sal altyd die beste belegging wees wat 'n gemeente kan maak (Jones 2001:37).

*The kind of Christianity that attracts the new generation of Christians and will speak effectively to a postmodern world is the one that emphasizes primary truths and authentic embodiment. The new generation is more interested in broad strokes than in detail, more attracted to an inclusive view of the faith than an exclusive view, more concerned with unity than diversity, more open to a dynamic, growing faith than to a static, fixed system, and more visual than verbal with a high level of tolerance and ambiguity (Jones 2001:38).*

Dit is veronderstel om 'n groot verligting te wees vir Christelike jeugwerkers wat vir jare al poog om groot "misteries", soos die inkarnasie, die opstanding en die nagmaal, te verduidelik. Daar is 'n nuwe ruimte geskep in ons geloof vir misterie en 'n ervaring van die misterieuse. Volgens Jones (2001:39), is Christenskap afwykend hanteer gedurende die



moderne-era, en post-moderniteit gee Christenskap die geleentheid om van hierdie aspekte van die outentieke Christenskap, terug te wen.

Aan die ander kant is nie alles aangaande post-modernisme net rooskleurig nie. Om hierdie veranderinge te aanvaar met 'n oop gemoed, sal sleg wees vir die evangelie. Ons eis 'n eksklusiewe godsdiens, en ons eis ook dat ons net een ware God het – een ware Redder en een ware verhaal waarin elke mens pas. Dit is een rede waarom Christene hul profetiese stem moet herontdek – veral jeugwerkers. Jones (2001:42) gaan selfs so ver om te sê dat jeugwerkers die pad moet lei.

Hierdie beweging moenie plaasvind deur een groot gemeenskaplike beweging nie, maar deur klein opstande teen gebeurtenisse wat teen die grein van Christenskap ingaan. Soos ons op hierdie nuwe pad stap, moet die leiers (jeugleiers) op die uitkyk wees vir donker afdraaipadjies waarop mense verlore kan gaan, en hulle moet voortdurend Christus se lig laat skyn – veral in daardie donker padjies af (Jones 2001:42).

Ons leef tans in 'n era waarin dit van die kerk verwag word om 'n jongmens se geloofsvorming te laat plaasvind. Meeste mense in ons kerke verwag van die jeugleiers om kenners te wees van alles wat in die jeug se lewe plaasvind – dit sluit in musiek, fliks, TV, internet, TV-speletjies, boeke, tydskrifte ens. Dit maak in 'n mate sin dat jeugwerkers 'n aanvoeling moet hê vir dit wat vir die jeug belangrik is, omdat dit die basis gaan vorm van die verhoudinge wat gebou kan of gaan word. Soos Jones (2001:42) dit stel, die kans dat 'n senior jeugwerker of leraar bereid gaan wees om 'n paar ure TV te kyk saam die jeug, is minder as wat 'n jonger jeugwerker bereid sal wees om dit te doen. Die hartseerste is dat baie min ouers deesdae bereid is om saam hul kinders tyd te spandeer, wat nou nog te sê saam hulle TV kyk (Jones 2001:42).

Jones (2001:42) verduidelik die rol van 'n jeugwerker as volg:

*So, as youth workers, we are called to be in a kind of dance with culture – a dance in which we lead and culture follows. To sit out this dance is to lead the monastic life. But the life of a youth worker is one of cultural engagement. Our call is to help our students engage a movie like The Matrix – to interpret it and watch it with Christlike sensibilities. We will make mistakes. We will mention movies that our students'*

*parents have forbidden them to see. And we may be tempted into compromising positions – of this we must beware! But our students are neck-deep in postmodern culture every day, and God has called us to be right there with them.*

As die bogenoemde waar is, en as dit waar is dat ons jeug deel geword het van 'n veranderende kultuur, is dit kritiek dat ons jeugbediening en ons jeugleiers se benadering ook moet verander.

### **3. Die Bybel en jeug en 'n 'perfekte jeugprogram'**

Ongelukkig dink sommige gemeentes dat 'n suksesvolle jeugprogram daarin lê om alles nuut te doen. Hulle dink daar is 'n 'geheim' wat ontdek moet word sodat die jeugbediening 'n sukses kan wees. Hulle dink dat wanneer hulle 'die beste' jeugprogram ontdek, gaan al hul probleme op 'n einde wees. Dit is alles behalwe die waarheid. 'n Goeie jeugprogram kan bydrae tot die sukses daarvan, maar dit is nie afhanklik daarvan vir sukses nie. Jeugbediening moet intensioneel, relasioneel en geloofwaardig wees (Youth ministry 360, 2017). Dié wat glo dat 'n program 'die geheim tot sukses' is, sal altyd eindeloos opsoek wees na die volgende suksesvolle en gewilde program, net sodat hul die program vol kan hou.

Daar is sekere belangrike aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n nuwe en gepaste (vir die konteks van die gemeente) jeugbediening uitgewerk word.

Eerstens is dit belangrik om die regte onderwerpe te kry, aangesien daar hoofsaaklik vier groepe is wat in ag geneem moet word, volgens Trimmer (1994:80). Die eerste groep is die gemeentelike leiers en die jeugleiers; die tweede groep is die jeug self; die derde groep is die gemeente; en die laaste groep is die wyer jeuggemeenskap. Elke groep se gawes, behoeftes, en mikpunte moet in ag geneem word tydens beplanning. En dit is baie belangrik dat elke program 'getoets' word teen die agtergrond van geloofwaardigheid – aan die evangelie en aan die intensie van die bediening.

Die leiers speel net so 'n baie belangrike rol. Beide jonger- en volwasse leiers is waar die program begin, want hulle weet wat hul kan en nie kan doen nie, en hulle weet wat die intensie van die bediening is. Daarom kan daar op hul staatgemaak word om die program in

die regte rigting te lei en op te bou. Hul gawes is die begin van 'n effektiewe jeugbediening. Hulle idees en bekommernisse oor die onderwerpe vir die jeugbediening is uiters belangrik.

Die belangrikste faktor in jeugbediening is uit die aard van die saak die jeug self. Onderwerpe waarvoor die jeug wil gesels en wat hul wil verken tydens die jeugbediening is ook baie belangrik, maar daar moet 'n onderskeid getref word tussen dit wat hul graag wil hê en dit wat hul nodig het om oor te gesels of dit wat hul moet hoor. Effektiewe jeugbediening neem die behoeftes van die jeug in ag, asook die kwaliteit en vermoë van die jeugleiers. Jeugbediening wat nie die jeug se belangstelling prikkel of hul behoeftes bevredig nie, gaan nie ondersteun word deur hulle nie. En uit die aard van die saak gaan 'n jeugbediening wat slegs die jeug se begeertes bevredig en nie na hul behoeftes ook omsien nie, oppervlakkig voorkom en gaan doodloop as gevolg van die "superficiality" daarvan en omdat dit nie relevant is nie (Trimmer 1994:82).

Relevansie is die sleutel tot sukses vir jeugbediening. Dit bly 'n uitdaging om altyd 'n relevante jeugbediening op die been te bring, maar een van die kritiese kwessies van die evangelie, is vir mense van elke generasie om op te staan en die evangelie in hul taal en beelde uit te druk. Dit was een van Paulus se sterkpunte: hy kon dit regkry om die evangelie in die taal en beelde van die mense wat hy ontmoet het toe hy rondgereis het, uit te druk (Trimmer 1994:82).

*A program that caters only to the wants of young people without exploring their needs in any depth will ultimately be irrelevant. We are to be faithful in our programming and our youth ministry. We are not merely an entertainment service, nor a babysitting service. While programs can be fun and entertaining, they must be faithful. We must help young people drink living water* (Trimmer 1994:82).

Die verskil tussen wat die jeug se behoeftes is en wat hul begeertes is, kan baie verwarrend wees. 'n Manier om dit te benader, is om te vra of die bediening die jeug aanmoedig om iets vir die kerk of God se skepping terug te gee; of is dit 'n bediening wat hul leer om net vanuit die kerk of God se skepping te neem, sonder om enige iets terug te gee. Wanneer die bediening net neem, is die kans goed dat dit 'n begeerte, eerder as 'n behoefte aanspreek. Byvoorbeeld, 'n uitstappie na 'n pretpark gee niks terug vir die gemeente nie, maar om 'n ete

by die kerk aan te bied, kan iets teruggee aan die gemeente (gemeenskap), en dit is ‘n geleente vir die jeug om geld in te samel.

Om die verskil tussen die behoeftes en begeertes te ingewikkeld te maak, is onnodig, aangesien elke geloofsgemeenskap op ‘n unieke manier daarna kyk. Dit is uiters belangrik dat die bediening relevant is tot die jeug se lewens. Die kritieke sake vir jeug verksil van gemeenskap tot gemeenskap. Terwyl sommige sake relevant is vir almal, soos etiese kwessies, sosio-ekonomie en leefstyl grense; is ander sake weer uniek in elke individuele situasie. Daar is baie verskillende maniere om te ontdek wat die kritiese kwessies is vir die jeug – Fowler se geloofsfasies is ‘n goeie voorbeeld daarvan. Wat belangrik is om in ag te neem van hierdie modelle, is dat dit nie nét op teorie gegrond kan wees nie, want sulke modelle kan “stale” en verbeeldingloos voorkom. Dit veroorsaak ook dat baie volwassenes nie betrokke wil raak nie, en volwassenes is juis belangrik vir elke bediening (Trimmer 1994:83).

As die bedoeling van die gemeente se jeugbediening is om die jeug aktief betrokke te kry by die beplanning, implementering en evaluering van die bediening se ontwikkeling, moet dit deel vorm van die beplanning van die bediening. Die jeug kán betrokke wees in die beplanning, implementering én evaluering van die bediening, maar dit neem tyd en moeite.

*Nothing can help us understand the crucial issues for youth in a particular congregational setting better than simply listening to the stories, to the concerns, and to the rhythm of life of the young people. It is precisely as the church, through its adults, enters into the world of adolescents by examining the work of theorists and by listening to youth themselves that the local congregation's youth ministry can discover the bonds of oppression that hold many young people captive and enslaved. It is these very bonds that need to be broken (Trimmer 1994:84).*

Elke geloofsgemeenskap is uniek. Dit het unieke behoeftes, asook unieke tradisies wat kan help met die opbou en ontwikkeling van die bediening. Elke gemeente het ouers wie spesifieke bekommernisse en behoeftes het, wat voel dit kan in die bediening ingevoeg word.

Elke gemeente (in alle denominasies) het spesifieke doelstellings en uitdagings wanneer dit by jeugbediening kom. Hierdie bekommernisse en doelstellings kan moontlik in die betrokke

gemeente se jeugbediening ingewerk word. Sommige denominasies is byvoorbeeld baie gefokus daarop om vir die jeug 'n kerklike identiteit te leer, sowel as 'n Christelike identiteit. Ander gemeentes het 'n goed ontwikkelde gemeenteprogram, en dit vorm 'n belangrike deel van die jeugbediening van die gemeente.

Die uitdagings van die universele kerk kan ook 'n rol speel as deel van die ontwikkeling van effektiewe jeugbediening. Is die ekumeniese beweging iets waarby jou kerk se jeugbediening betrokke behoort te wees?

'n Ander aspek wat ook aandag verg, is die wyer jeuggemeenskap. Die behoeftes van die jeug wat nie direk betrokke is by die kerk se bediening nie, moet ook in ag geneem word. Dit beteken dat daar 'n studie gedoen moet word van die plaaslike, asook die universele situasie waarin die jeug hulself in 'n tyd soos vandag bevind. Ons leef in 'n era waar die kerk nie meer daardie jongmense kan ignoreer wat nie by die kerk betrokke is nie, of wat nie in die kerk grootgeword het nie (Trimmer 1994:85).

*Youth ministry, like any other form of ministry, has a missional, Evangelistic, and social witness component (Trimmer 1994:85).*

Daar moet ondersoek ingestel word in wat die jeug – van dié wat betrokke en onbetrokke is by die kerk – se behoeftes is. Verder kan daar ook gekyk word hoe die kerk se jeugbediening by die skool betrokke kan raak, of selfs saam kan werk met 'n ander gemeente (of gemeenskap) se jeug.

Jeugbediening binne elke konteks, moet 'n effektiewe program of inhoud bied, wat ontwikkel is uit die behoeftes van die gemeente se leierskap, jeug, kerkgemeenskap, asook die wyer gemeenskap; en dit is lewensbelangrik dat hierdie program geloofwaardig is (Trimmer 1994:85).

Trimmer (1994:85-86) noem 'n paar maatstawe waarvolgens 'n jeugbediening evalueer kan word en waarmee 'n jeugbediening baie effektief sal wees:

- Dit is gebou op die doelstellings en objektiewe van die jeugbediening
- Dit neem die jeugleiers se gewoontes in ag

- Dit neem die jeug self, se gawes ook in ag
- Dit is ontwerp om aan die jeug se behoeftes te voorsien, veral in spesifieke situasies
- Dit is ontwerp om te reageer op spesifieke kerke se behoeftes – binne sekere denominasies
- En om te reageer op die wyer jeuggemeenskap se behoeftes ook.

Die jeug sal ten gunste van so ‘n bediening optree. ‘n Jeugbediening hoef nie net die hele tyd te gaan oor pret en speletjies, sodat die ‘byeenkoms’ deur baie bygewoon moet word nie.

Sommige jeugbedienings fokus baie streng op die volwassene as leier. Hierdie vorme van jeugbediening, ontwikkel ‘n volwasse-gesentreerde bediening wat slegs insluit en gaan oor wat die volwassenes wil doen. As die volwassene dinamies is, die jeug goed ken, of baie vermaak verskaf, sal hierdie bediening ‘n sukses wees en groei. Ongelukkig kan alle jeugleiers nie ewe dinamies, vermaaklik of bekend wees nie. Die probleem van so ‘n benadering tot jeugbediening, is dat dit gewoonlik nie breed genoeg is om al die bekommernisse en behoeftes van die jeug aan te spreek nie.

Ander bedieninge fokus baie streng op die behoeftes van die jeug. Baie keer verwar hierdie tipes bedieninge die behoeftes van die jeug met die begeertes van die jeug. Hulle ontwikkel dus programme wat gebou is alleen op dit wat die jeug wil doen. Soms kom dit voor of hierdie bedieninge baie suksesvol is, maar dit gebeur baie selde dat hierdie bedieninge fokus op die wyer gemeenskap se jeug behoeftes ook. Hierdie tipe bediening laat dit voorkom of die ‘ouers’ ‘n “outside force” is wat oorkom moet word. Groepbande word gevorm deur ‘n gemeenskaplike vyand te identifiseer. Hierdie vyande is gewoonlik die ouers, die kerk of die groter samelewing. Met ander woorde, hierdie tipe programme loop die gevaar om ‘n groot jeuggemeenskap te skep met ‘n paar jeugleiers (of volwassenes) wat teen die groter gemeenskap is.

Daar is steeds jeugbedieninge wat net besorgd is oor “ons” jeug. Hierdie bedieninge kom voor asof hul vergeet dat daar ander jeug in die gemeenskap is en hulle vergeet ook van die groter wêreld waarna elkeen geroep is om te getuig.

*Evangelism or mission may be forgotten in these forms of programmatic ministry, or they may be understood strictly in a foreign context and not in our own neighborhoods (Trimmer 1994:87).*

‘n Goed deurdenkte jeugbediening sal die behoeftes van die leierskap, die jeug, die kerkgemeenskap – beide plaaslik en wyer – in ag neem. Dit sluit die ouers en die wyer jeuggemeenskap ook in.

*Focusing on Three Top Ministry Priorities identifies three commanding priorities that are considered to be the most important aspects of a transformational youth ministry. These three priorities form the basic agenda for a youth minister:*

- *A clearly stated mission statement*
- *The training of volunteer leaders*
- *The spiritual development of youth* - Strommen, 2001:21

‘n Belangrike deel van die beplanningsproses is om genoeg tyd te gee vir die bediening om beplan te word, en om die beste moontlike bronne te gebruik. Baie keer word uitstekende idees vir die jeugbediening afgejaag, en kan dan nie korrek uitgevoer word nie, dus is dit ‘n mislukking. Sommige van die beste jeugbedienings funksioneer met minstens ‘n nege maande beplanningstydperk (Trimmer 1994:87).

*Many people in youth ministry take exception to this type of advanced planning. They want not only to fly by the seat of their pants but to allow plenty of space for the work of the Holy Spirit. Yet this means many times programs do not happen due to lack of insightful planning, because people or curriculum or finances cannot be put into place due to a lack of time. The Holy Spirit can be involved in the planning process even nine months in advance (Trimmer 1994:88).*

#### **4. Die rol van gemeenteleiers**

‘n Jeugleier se uitdaging is om ‘n pastorale verhouding met elke lid van die jeug tot stand te bring, juis omdat die tieners in ‘n baie uitdagende era grootword en dit lei daartoe dat hul geloof stagneer (Venter & Van der Merwe 2005:113).

Volgens Jones (2001:204) kan jeugbediening goed lyk van buite, selfs sonder 'n deeglike doelstelling. Hulle kan groot skares lok en die toekennings van toeskouers en deelnemers wen. Maar om outentieke bediening te wees, moet jongmense voortdurend en opsetlik nader aan Jesus Christus getrek word. Hierdie is een van die moeilikste uitdagings wat aangespreek moet word. Hierdie gedagte kom na vore in die onderhoude as hulle praat van die leemtes. Die jeugwerker in onderhoud drie plaas klem om die leegheid wat soms teenwoordig is wanneer saam met die jeug geleentheid gehou word.

*This relationship could be the vitally needed tie with the adult world and the heritage of our past for this drifting younger generation. If he is to meet this challenge he cannot afford to succumb to the fear of young people so common today (Hulme 1962:128).*

Die dominee is die bangste om onsuksesvol te wees met die jeuggroep, en word baie keer in die versoeking gelei om die jeug iemand anders se verantwoordelikheid te maak (Hess 2014:13 & Hulme 1962:130).

Dit is so dat die mens 'n relasionele wese is. Dit is ook so dat hierdie relasionaliteit nie net beperk word tot ons familie nie. Vriendskappe speel ook 'n baie belangrike rol (Patton 1993:186). Dit is juis deur hierdie vriendskappe wat (veronderstel is) om gebou te word met die jeug, wat 'n hegte band met die jeug gebou word. Deur persoonlike verhoudinge en vriendskappe te bou met elke individu wat betrokke is by die jeug, skep dit 'n troos- en kontakpersoon vir dié wat dit nodig het. Verhoudings is die hart van jeugbediening, net soos die basis van gemeente-wees ook daarop baaier is om verhoudinge te bou met God en met jou naaste (Trimmer 1994:50). Vir te lank het die kerk vergeet om verhoudinge te bou en aan te moedig tussen die volwassenes en die jeug. Dit is belangrik om jeugprogramme te hê, maar nog belangriker as dit, is om verhoudinge te bou en om 'n relasionele jeugbediening te bou.

Daar is verskeie verhoudinge in jeugbediening, maar een van die belangrikste verhoudings wat gebou moet word, is dié tussen volwassenes en die jeug van die gemeente. Baie volwassenes is onseker oor hoe om verhoudinge te begin bou met die jeug, maar dit is meer eenvoudig as wat hulle dink. Verhoudinge met die jeug, begin soos enige ander verhouding – deur tyd saam deur te bring, deur belange te deel, en om gemeenskaplike bekommernisse te hê (Hess 2014:14).



*As adults and youth spend time together, sharing mutual interests, talking with each other (which is not adults talking at youth), and taking each other seriously, relationships begin to develop. These relationships do take some time to develop, and it is only as the adults and teens have this time together that a relational ministry can succeed (Trimmer 1994:51).*

Nog 'n faktor wat in ag geneem word, is dat daar 'n verskil in tydskonsep is by volwassenes en jeug. 'n Twee jaar lange vriendskap kan vir die jeug voel soos 'n ewige band, terwyl dit vir volwassenes 'n heel ander betekenis het. In die era waarin ons leef, is daar baie min volwassenes wat die jeug werklik ken. Ongelukkig is dit so dat daar – veral in kerke – 'n tekort is aan volwasse rolmodelle. Min volwassenes is bereid om tyd en energie aan 'n gemeente se jeug en jeugbediening te spandeer. En dit is elke jeugbediening se uitdaging om volwassenes op te roep en op te lei vir jeugbediening (Trimmer 1994:53).

Wanneer daar gepoog word om verhoudinge met die jeug te bou, is dit baie belangrik om inligting van hulle te versamel. Dit beteken vir hulle baie wanneer die jeugleier iets belangrik van hulle wees – soos wanneer hul gebore is; of hul broers of susters het; hulle stokperdjies en belangstellings ens. Om hulle selfoonnommer en adres te hê, veral wanneer 'n verjaarsdagsms of –kaartjie aan hul gestuur wil word (Trimmer 1994:54).

Verder is dit uiters belangrik vir die jeugleier om hom- of haarself te wees. Ongelukkig gaan elke jeugleier nie met elke jongmens kan vereenselwig nie, maar om voor te gee om iets te wees wat jy nie is nie, maak dat daar geen vertrouensbande gebou kan word nie, omdat jongmense gewoonlik deur 'n persoon se “masker” sien. Elke jeugleier moet oop wees om met 'n groot verskeidenheid jongmense te werk – geeneen is dieselfde nie! Die jongmense moet jou kan vertrou, dit is “crucial” vir jongmense om volwassenes te hê wat hul kan vertrou. Dit is duidelik dat verskillende leierskapstyle nodig is wanneer daar gewerk word met jeug en –bediening. Avenant (2011:180) stel dit as volg:

*Wanneer hierdie proses van verandering binne die gemeente geïmplementeer word, behoort 'n kombinasie van al drie leierskapstyle, (Hoofstuk 1, 1.2.4) soos wat Osmer (2008:176-177 & 183-207) dit weergee, gebruik te word. Wanneer die gemeente begelei word om 'n paradigmaskuif te maak om 'n huis – gesentreerde - kerk - ondersteunende gemeente te word, sal transformerende leierskap nodig wees.*

*Wanneer ouers toegerus word om hulle verantwoordelikheid van geloofsontwikkeling op te neem sal transaksionele leierskap veral nodig wees. Deurlopend sal taakbevoegdheid en nederigheid die onderbou van die hele proses moet wees om sodoende vertrouwe te behou.*

Fokus op gemeenskaplike belangstellings. Dit kan help om 'n gesprek te begin en daarop kan verder voortgebou word. Musiek of fliëks is gewoonlik 'n goeie vertrekpunt wat kan help in hierdie verband. Selfs sport of buitemuurse aktiwiteite kan help, en dit sluit dan ook aan daarby dat 'n mens tyd maak om saam met die jeug deur te bring. Ondersteuning langs die sportveld tydens 'n belangrike wedstryd beteken gewoonlik vir hulle baie. Wanneer dit gebeur, is dit belangrik vir die jeugleier om te onthou dat hy of sy nie die ouer is nie, maar eerder die 'vriend' of 'mentor' wat ondersteuning bied en 'n opregte verhouding wil bou.

*What relational ministry is all about is incarnating God to youth through your relationship as much as that is possible, given that you like the teen, are human. It is about an adult taking the time to care for teens in a profoundly religious way. It is about adults who befriend youth on behalf of themselves, the church, and God (Trimmer 1994:57).*

## **5. Samevatting**

Gemeentelike leiers is een van die sleutel rolspelers in die vorming, ontwikkeling en groei van die jeug se geestelike lewe, omdat dit 'n aspek is wat meestal – in die era waarin ons leef – afwesig is by die huise. Dus is dit veilig om te sê dat die kerk en die gemeentelike leiers se rol in geloofsvorming heeltemal onderskat word.

As ons die vraag moet aanspreek “Wat behoort aan te gaan?” kom ons agter dat daar 'n groot klomp invloede is wat in ag geneem moet word. Van hierdie is: konteks, tydsges, kultuur, generasie en generasie gaping. Ons het beweeg van 'n pre-moderne tyd, na 'n moderne tyd en daarna na 'n post-moderne tyd. As ons kyk na die tye kan ons onself in die post-moderne tyd plaas. Dit plaas verantwoordelikheid op ons om die konteks en persone wat teenwoordig is in ag te neem wanneer ons besluit oor 'n benadering tot bediening onder jeug.

'n Gedagte wat sterk na vore kom is die van 'n tipe verhouding tussen die gemeenteleiers en die tieners. Daar is verskeie verhoudings wat moontlik voor kan kom, maar een wat die sterkste bydra en invloed het, sal 'n pastorale verhouding wees. Daar is ook 'n soeke na eenderse belangstellings tussen die leiers en die tieners. Hierdie skep geleentheid vir persoonlike gesprekke wat kan ontstaan in ruimtes waar 'n tiener die vrymoedigheid het om te deel en oop te maak.

Daar moet ook verantwoordelikheid geneem word om nie net die inter-persoonlike verhoudings te ontwikkel nie, maar om saam dit en bo dit die verhouding tussen die Here en die tiener te help bou. Die gemeenteleier moet besef dat al die paaie en brûe wat gebou word op die ou end moet oor vloei na die geloofsgroei van die tiener en sy/haar verhouding met die Here.

## Hoofstuk 5

### Slot

Binne hierdie studie het ons probeer om ‘n antwoord of leiding te kry oor die volgende vraag: **“Watter rol behoort gemeenteliekers in die geloofsvorming van tieners te speel?”**.

Ons het saam met Osmer (2008) die vrae probeer antwoord wat voorkom in sy verskeie take. Ons het die vraag van die Deskriptiewe-interpretatiewe taak (Wat gaan aan), geantwoord uit dit wat ons gehoor het in die onderhoud. Ons het so die Interpretatiewe taak (Hoekom gebeur dit?) en die Normatiewe taak (Wat behoort aan te gaan?) probeer antwoord deur na dit wat ons hoor in akademië en die onderhoud te kyk. Ons probeer dus nou die vraag van die Pragmatiese taak (Hoe sal dit hanteer word?) antwoord.

Die studie het begin op soek na inligting oor die aktiwiteite en aspekte wat gemeenteliekers binne hulle bediening aan en saam jeug doen. Die studie het ontwikkel tot die studie oor wat die rol en impak van gemeenteliekers is binne die geloofsvorming van die tieners binne hulle gemeentes.. Dit is waar dat ons werklik saam die tieners opsoek is na ‘n program of tipe jeugbediening wat die nodige kwessies aanspreek. Ons grootste uitdaging is tyd, want saam met tyd kom verandering. Elke oomblik in tyd het ‘n eie konteks en belewenis. Hierdie verandering vra vir ‘n konstante evaluering van die manier waarop bediening saam en met tieners in gemeentes, sowel in gemeenskappe gedoen word. Die studie is nie opsoek na ‘n antwoord oor ‘n vaste program vir jeugbediening nie, maar ‘n riglyn wat help met die ontwikkeling vir die jeugbediening, en in die proses word die vierde taak van Praktiese Teologie uitgevoer (cf. Osmer 2008).

Daar is geen handboek vir jeugbediening nie, net soos die Bybel nie ‘n handboek is vir die liturgiek nie. Die Bybel gee wel handige riglyne wat help met liturgiese denke, net so gee die Bybel rigting aan jeugbediening (Nel 1998:10).

Die idee en ideaal van jeugbediening is om God te leer ken, en terselfdertyd ook bekend te maak – te getuig. Die jeug is ‘n baie belangrike aspek van enige kerk se bediening, maar soos

ons kon leer uit die onderhoude en akademiese stof, is daar 'n tekort aan suksesvolle jeugbedienings.

As ons gaan kyk na wat God in die Bybel van kinders en jongmense sê, kan ons sien dat Hy op 'n besondere manier by die "gee" van kinders betrokke is. Kinders is 'n geskenk van die Here, en ongelukkig word hul gawes misgekyk of net heeltemal ontken, soos ons kon aflei uit die navorsing. Soos God die God van die ouers is, wil Hy ook die God van die kinders wees.

*God skakel kinders en jongmense in in sy koms na sy mense. Dit behaag Hom om ook deur kinders [en die jeug] na mense te kom. Hulle is op 'n besondere wyse deel van die godsdiensbeoefening (Nel 1998:12).*

As ons na die huidige konteks kyk van gemeentes en hulle jeugbediening is daar duidelik dat ons belangrike werk het wat vir elke gemeenteleier voorlê. Dit is baie maklik vir gemeentes om te stagneer wanneer hulle gewoon raak aan die manier hoe dinge plaasvind. Gemeentes loop by baie plekke die gevaar dat hulle stil staan binne hulle bediening en vergeet van gedeeltes wat 'n belangrike rol vertolk binne die gemeente en groter gemeenskap.

Sommige gemeentes, saam met van hulle leiers, kan baie maklik vergeet van die jeug en die verantwoordelikheid wat hulle teenoor hulle dra, soos ons kon aflei uit twee van die drie onderhoude. Die gemeente en hulle leiers stap 'n pad saam die ouers van die doop af waar hulle moet help om leiding te bied aan die dopeling. Die kind beweeg dan saam die gemeente in 'n rigting deur kategese en ander aktiwiteite tot waar hulle selfstandig verder die besluit neem om belydenis van geloof te doen voor 'n gemeente. Die vier of so jaar voor die aflegging van hulle geloof is die jare wat gemeenteleiers 'n groot verantwoordelikheid drae om elke tiener te help om tot op die oomblik te kom waar hulle as 17 jarige belydenis aflê voor die gemeente.

Dit is tussen die ouderdom van 14 en 17 jaar oud wat die tieners op vele vlakke beïnvloed word. Hulle word beïnvloed waar hulle is by die skool, huis en kerk. Hulle word omring deur mense wat hulle vorm en maak wie hulle eendag sal wees. Dit is belangrik om te besef dat die gemeenteleiers deel is van hierdie groep wat 'n tiener beïnvloed.

As gemeenteleiers is hulle of iemand om na op te kyk of iemand wat ander laat twyfel oor dit wat hulle sê en vertel daar waar hulle met ander werk. Gemeenteleiers moet die erns van dit wat hulle doen besef en moet die verantwoordelikheid aanneem wat saam die geleentheid kom. Die gemeenteleiers is soms die wat sê dat hulle daar is om te onderrig en niks meer nie, maar dan is daar ook die wat besef hulle is die wat 'n verskil maak deur belang te stel en 'n verhouding te bou.

Baie dinge wat plaasvind binne jeugbediening en geleenthede waar die jeug betrokke is laat mens wonder oor die doel of uitpunt wat bereik wil word. Dit gebeur dat gemeenteleiers vergeet van hulle verantwoordelikheid en die rede hoekom hulle eerstens deel geword het. Daar kom 'n tyd waar gemeenteleiers en gemeentes as 'n eenheid verlore raak in hulself en die mooi wat hulle sien in slegs 'n gedeelte van die totale bediening.

Dit gebeur soms dat gemeentes 'n blindokol het waarvan hulle in sekere gevalle nie kennis dra nie. Party gemeentes dink dat alles goed gaan by hulle en besef nie dat hulle besig is om stadig maar seker aan die slaap te raak nie of hulle visie te verloor oor hulle jeugbediening nie.

'n Gemeente en haar leiers moet eintlik besef wat aangaan voordat alles tot niks gekom het nie. Die beste sal wees vir 'n gemeente om reeds op 'n gereelde basis te kyk na wat aangaan en watter veranderinge daar plaasvind binne die jeug.

Met al die konstante veranderinge wat plaasvind is dit eintlik goed vir gemeentes en hulle leiers om gereeld te reflekteer en terselfde tyd voorentoe te kyk na wat kan gebeur. As ons praat van jeugbediening binne gemeentes is dit die verantwoordelikheid van die leiers om die veskille te identifiseer en aan te spreek.

Gemeentes kan dit aanpak deur saam met die jeug te sit en te gesels oor wat hulle behoeftes is. Indien 'n gemeente saam met hulle leiers besluit om dit te doen moet hulle bereid wees om te luister. Dit help nie as hulle die plan volg, maar hulle gaan met hulle eie keuses van kwessies om aan te spreek nie.

Daar moet deeglik aandag gegee word oor wat die behoeftes is van die tieners en nie oor dit wat die leiers dink die beste gaan wees nie. Dit gebeur meeste van die tyd dat daar 'n generasie gaping is tussen die leiers en die tieners en dat dit beteken die kwessies wat die leiers beleef anders is as die van die tieners.

Wat ons wel in gevalle beleef is waar kinders afgesonder word van besluite. Dit is belangrik om te beseef dat die kinders en tieners van 'n gemeente die toekoms is van die groter kerk. Dit is so dat die gemeentelidiers 'n voorbeeld stel vir die tieners, maar dit help nie as daar net 'n voorbeeld gestel word en nie op 'n ander manier die verantwoordelik oor te dra nie. As die gemeentelidiers tyd spandeer saam die tieners en verhoudings bou wat oorloop in handeling in praxis is dit van 'n beter invloed wat gestel word.

Die gemeentelidiers is die voorbeeld, maar moet versigtig wees om nie net 'n visuele voorbeeld te wees nie. Die gemeentelidiers moet ook 'n voorbeeld wees in hulle handeling in alledaagse take.

Ons moet laastens beseef dat hierdie studie nie 'n perfekte antwoord of oplossing bied nie, maar dat dit eerder verskillende moontlikhede uitspel wat verder kan ontwikkel met tyd.

## Bronnelys

Avenant, J., Hoffman, L. 2015. *Geloofsvorming*. In: Nel, M., Van der Westhuizen, Z. (reds.) *Skokkend positief*. Bybel Media, pp. 63-80.

Avenant, J. 2011. *Die verhouding ouermentoraat, geloofsidentiteit en betrokkenheid van jongmense na belydenisaflegging*. Magister Artium. Departementele Praktiese Teologie: Universiteit van Pretoria.

De Wet, D. 2003. *'n Gemeenskapsgerigte model vir die geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele*. HTS Theological Studies, pp.1461-1479.

Fowler, J.W. 1981. *Stages of faith. The psychology of human development and the quest for meaning*. San Francisco: Harper & Row.

Fowler, J.W. 2001. *Faith development theory and the postmodern challenges*. The International Journal for the Psychology of Religion, 11(3), pp. 159-172

Henwood, K. 2014. Qualitative research. In: T. Teo (ed.) *Encyclopedia of Critical Psychology*. New York: Springer Science & Business Media.

Hess, M.E. 2014. *A New culture of learning: Digital storytelling and faith formation*. Journal of Theology, 53 (1), pp. 12-22.

Hoffman, L. 2010. *Kritiese elemente vir effektiewe geloofsvorming in kategese*. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat: Bloemfontein.

Hulme, W.E. 1962. *The Pastoral Care of Families. Its Theology and Practice*. Nashville: Abingdon Press.

Jansen, H. 2012. *Faith development of the teenager during the Sunday evening worship service*. Acta Theologica, pp. 86-99



Jones, T. 2001. *Postmodern Youth Ministry. Exploring Cultural Shift. Cultivating Authentic Community. Creating Holistic Connections*. Michigan: Zondervan

Jones, K.E. & Rhan, D. & Strommen, M. 2001. *Youth Ministry That Transforms: A comprehensive analysis of the hopes, frustrations, and effectiveness of today's youth workers*. Grand Rapids: Zondervan

Maree, K. 2007. *First Steps in Research*. Pretoria: Van Schaik Publishers

Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Nel, M. 1998. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Pretoria: RGN Uitgewery.

Nel, M. & Thesnaar, CH. 2006. Theologically informed and culturally relevant youth ministry. *Practical Theology in S.A.* Vol.21(2):90-112.

Osmer, R. 2008. *Practical Theology. An Introduction*. Grand Rapids: Wm B. Eerdmans.

Patton, J. 1993. *Pastoral Care in Context. An Introduction to Pastoral Care*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Strydom, H. 2012. *Research at grass roots, for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

Trimmer, E.A. 1994. *Youth ministry handbook. Essentials for Christian Youth*. Nashville: Abingdon Press.

Venter, C.J.H. & Van der Merwe, C.N. 2005. *Die Verwerking van die geloof in die kerklike kategorie: Basisteoretiese Perspektiewe*. *Acta Theologica*, pp. 112-133.

Youth ministry 360. 2017. 5 distinctives of relational discipleship. [aanlyn] Bekoms van <https://youthministry360.com/blog/5-distinctives-of-relational-discipleship/> (Desember 13, 2017)

## OPSOMMING

Daar is verskillende benaderings tot jeugbediening en daar is 'n groot verskeidenheid mense waarmee gewerk en saam gewerk word wanneer ons praat van gemeenteleiers en tieners. Ons is opsoek na 'n riglyn vir gemeenteleiers se benadering tot jeugbediening en geloofsvorming van tieners.

Ons hoor van die struikelblokke saam met die hulp wat gemeenteleiers beleef wanneer hulle in gemeentes werk met tieners. Dit is ook belangrik om te besef wat plaasvind in die lewens van tieners. Daar is 'n klem op die belangrikheid van jeugbediening saam met ander kerklike aktiwiteite wat deel vorm van 'n tiener se geloofsvorming.

Fowler se fases van geloofsvorming help ons om begrip te ontwikkel vir die groot verskille en verskeidenheid binne die geloofsvorming van persone van alle ouderdomme. Fowler se werk help ons om tot 'n besef te kom oor die verskille van mense. Ons moet weet dat mense binne hulle geloofslewe ook verskil soos wat hulle verskil in hulle maniere van omgaan in alledaagse gebeure.

Daar is baie klem op die belangrikheid van verhoudings wat gevorm word deur wedersydse vertroue tussen die gemeenteleiers en tieners.

Sleutel terme: tieners, gemeenteleiers, jeugbediening, geloofsvorming, verhoudings, vertroue, tieners

## SUMMARY

There is a variety of ways to approach youth ministry and with this there is also different varieties of people that are worked with when talking about the congregational leaders and the youth. We are looking for a guideline for congregational leaders' approach to youth ministry and faith formation.

We hear about the struggles as well as the help that congregational leaders receive when they work with teenagers in their congregation. It is important to realize what is happening in the lives of the teenagers. There is acceptance of the importance of youth ministry with other church activities that form part of the formation of the teenager's faith.

Fowler's stages of faith formation helps us to understand the development and differences that is identified within faith formation of people of different ages. Fowler's work helps us to realize the differences of people. We need to know that people differ within their faith lives, just as they differ in their daily routines.

There is an emphasis on the importance of relationships that are formed through trust between the congregational leaders and youth.

Keywords: teenagers, congregational leaders, youth ministry, faith formation, relationships, trust, teenagers

# INGELIGTE TOESTEMMING



THEOLOGY  
TEOLOGIE  
UFS·UV

Departement Praktiese Teologie  
Department of Practical Theology  
Lefapha la Thutatshebetsa

11 Augustus 2016

## Ingeligte toestemming

1. **Navorsers:** Stefan Welthagen  
**Kontakbesonderhede:** 0721842555
2. **Titel** van die studie:

Die rol van Jeugwerkers in die Geloofsvorming van tieners.

3. **Doel** van die studie:

Daar sal gepoog word om uit te vind watter aktiwiteite jeugwerkers in gemeentes doen in hulle bediening aan tieners, asook watter aspekte die jeugwerkers as belangrik beskou om die tieners se geloofsvorming te bevorder.

4. **Prosedures:**

Die proefpersone word gekies op grond van hulle rol as jeugwerkers of kategeet-leiers by drie verskillende gemeentes in die Bloemfontein omgewing. Tydens persoonlike onderhoude sal vrae aan die jeugwerkers gestel word. Die onderhoude sal ongeveer 30 minute duur.

5. **Risiko's** en ongerief:

Geen

**6. Voordele:**

Geen

**7. Deelnemers se regte:**

Deelname is vrywillig en jy mag enige tyd, sonder negatiewe gevolge onttrek van deelname aan hierdie studie.

**8. Vertroulikheid:**

Alle inligting word as vertroulik beskou; anonimiteit word verseker en die data sal vernietig word indien die deelnemer onttrek.

**9. In geval van onduidelikheid, het die deelnemer die reg om die navorser te kontak vir duidelikheid oor enige aspek van die navorsing.**

Navorsers:

Deelnemer:

Datum:

Datum:

Goedgekeur deur:

A handwritten signature in black ink, consisting of a series of loops and a long horizontal stroke extending to the right.

## Adendum A - Onderhoud 1

Reflektiewe notas		Kodes
	<p>Navorsers: Wat behels u betrokkenheid by die jeugbediening in u gemeente?</p> <p><b>Rut:</b> uhm.... Ek is 'n teologiese student by die gemeente. Alhoewel die gemeente poog om meer vir die jongmense in die gemeente te bied, stop ons <b>betrokkenheid maar by Sondae se kategese</b>. En met ons bedoel ek: al die mense wat betrokke is by die kategese of kinders of jongmense... hoe ook al jy hulle wil aanspreek. Ons het op 'n stadium 'n koffiekombuis-byeenkoms gehad, maar die belangstelling was nie baie nie. Dit kan ook wees omdat die mense wat dit aangebied het <b>nie juis gemotiveerd was nie</b>, so dan jaag hulle eerder die paartjies wat wel opdaag om dit te geniet weg. So op die stadium is daar nie veel meer as kategese vir die jongmense aan die gang nie.</p> <p>Navorsers: Wat beskou u as die belangrikste aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners (14-17 jaar oud)?</p> <p><b>Rut:</b> Entoesiasme, geesdrif, opregtheid en verhoudings. <b>Verhoudings</b> bou is vir my die belangrikste van alles, juis omdat jy die kinders se vertrouwe moet wen. Anders gaan dit wat hulle probeer aanpak, nooit meer word as 'n oppevlakkige byeenkoms wat almal verby-wens nie. Dis nie die doel van uitreiking na kinders (veral tieners) nie. Daar moet verseker 'n <b>openheid</b> gevestig word tussen die kategete of leier en die kinders. Die kinders moet die vryheid hê om met die kategete te <b>kommunikeer</b>, dis baie belangrik vir verhoudings bou.</p> <p>Navorsers: Speel die aktiwiteite/aspekte 'n rol in die tieners se lewe?</p> <p><b>Rut:</b> 'n Baie groot rol. Defnitief. Kinders leer mos maar deur goedjies te doen. So as daar nie aktiwiteite is om hul nuuskierigheid en leersaamheid te prikkel nie, gaan daar mos nie <b>onderrig</b> plaasvind nie. So aktiwiteite speel 'n onmenslike groot rol. Aktiwiteite moedig ook <b>spanwerk</b> aan. Daarin kan elke kind besef dat hy nie soos sy vriende is nie. <b>Elkeen speel</b></p>	<p>Kodes</p> <p>Sondae</p> <p>Motivering</p> <p>Verhoudings</p> <p>Openheid</p> <p>Kommunikasie</p> <p>onderrig</p> <p>eenheid</p> <p>uniekheid</p>

	<p><b>‘n unieke rol en het ‘n unieke gawe. Almal kan nie goed wees in alles nie.</b></p> <p>Navorsers: Ervaar u leemtes in die bediening en hoe sal u dit aanspreek?</p> <p><b>Rut: Ja... Leemtes sal mos maar altyd daar wees. Daar sal altyd plek wees vir verbetering. ‘n Leemte wat ek definitief by my betrokke gemeente kan identifiseer is dat sy nie saam met die tye beweeg en “verander” nie. Die gemeentelêde maak dat sy vashaak by een manier en hulle weier om toe te laat dat sy constant hervorm en vernuwe. Daardeur verloor ons ook natuurlik dan die belangstelling van die tieners, want as die kerk nie ook cool kan wees nie, kan hulle nie gesien word as deel daarvan nie. Dan moet ‘n mens natuurlik versigtig wees om nie die verkeerde klem te hê nie. As ons fokus is om die kerk vol te kry, maar die inhoud van die leringe is leeg, mis die kerk haar doel.</b></p> <p>Navorsers: Hoe sal u u betrokkenheid by die jeugbediening beskryf? Sal u sê u werk met tieners en hulle geloofsvorming of sal u eerder sê u werk saam met tieners aan hulle geloofsvorming.</p> <p><b>Rut: Ek sal sê ons werk met tieners. Ons is daar om hulle te onderrig in dit wat die woord van God vir hulle sê.</b></p>	<p>Teenwoordig</p> <p>Afsonder</p> <p>Inhoud</p> <p>Met</p>
--	--	---

## Addendum B – Onderhoud 2

Reflektiewe notas		Kodes
	<p>Navorsers: Wat behels u betrokkenheid by die jeugbediening in u gemeente?</p> <p><b>Pharoah:</b> Dit hangaf wat jy bedoel... Die bediening of werk met die jongmense <b>strek verder as net Sondae</b> en die dienste wat vir hulle gehou word. Ons hou <b>aktiwiteite</b> om hulle te betrek in ‘n weier aspek as net Sondae aktiwiteite. Daar is verskillende aktiwiteite waar hulle kan in skakel soos sport geleenthede by die “action-sportgronde” in Bloemfontein. Die jongmense word genooi om uitreike te doen na mense in die <b>gemeenskap</b> wat hulp nodig het.</p> <p>Navorsers: Wat beskou u as die belangrikste aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners (14-17 jaar oud)?</p> <p><b>Pharoah:</b> Persoonlik dink ek dat ons hulle <b>gemaklik</b> moet kry, dat hulle, uhh..., met ons sal kom <b>praat</b> wanneer hulle hulp nodig het. Hulle moet nie voel dat hulle my en die ander nie kan <b>vertrou</b> nie. As hulle ons vertrou sal dit makliker wees om ‘n geestelike pad saam hulle te kan stap.</p> <p>Navorsers: Speel die aktiwiteite/aspekte ‘n rol in die tieners se lewe?</p> <p><b>Pharoah:</b> Die aktiwiteite skep ‘n <b>ruimte van gemak</b> en sodoende gee dit ‘n gemaklike beweging na die gesprekke oor God en hulle verstaan van God. Dit voel of die tieners oopmaak wanneer hulle voel dat <b>daar openheid is</b> tussen my en hulle.</p> <p>Navorsers: Ervaar u leemtes in die jeugbediening en hoe sal u dit aanspreek?</p> <p><b>Pharoah:</b> Een van die grootste probleme wat ek beleef is die ouens wat <b>nie deel wil neem</b> aan die aktiwiteite wat ons reel nie. Het al probeer om met hulle daarvoor te praat en hoor of daar nie iets is wat hulle wil doen nie. Dit bly moeilik want hulle gee nie regtig ‘n antwoord nie.</p> <p>Navorsers: Hoe sal u u betrokkenheid by die jeugbediening</p>	<p>Sondae</p> <p>Aktiwiteite</p> <p>Gemeenskap</p> <p>Vertroue</p> <p>Kommunikasie</p> <p>Verhoudings</p> <p>ruimte</p> <p>openheid</p> <p>Aspekte</p> <p>Teenwoordig</p>



	<p>beskryf? Sal u sê u werk met tieners en hulle geloofsvorming of sal u eerder sê u werk saam met tieners aan hulle geloofsvorming.</p> <p><b>Pharoah: Ek identifiseer ons werk by die gemeente eerder as werk saam met tieners aan hulle geloofsvorming as om te sê dat ons met die tieners werk.</b></p>	<p>Saam</p>
--	---	-------------

## Addendum C – Onderhoud 3

Reflektiewe notas		Kodes
	<p>Navorsers: Wat behels u betrokkenheid by die jeugbediening in u gemeente?</p> <p><b>Nahum:</b> As jeugwerker is ek deel van al die aktiwiteite en reëlings rondom die kinders en die jeug by ons gemeente. Ons gemeente bied regtig baie <b>aktiwiteite</b> vir die kinders... omdat ons besef dat elke fase van 'n kind spesifieke uitdagings het, het ons die kinders ingedeel volgens hul ouderdomsgroepe... byvoorbeeld, die kinders van 4-6 jarige ouderdom word bedien deur 'n kleuterkerk. Dan word kinders van ... graad 1-3 ook as deel van die kinderkerk gesien, maar hulle het 'n aparte program wat hulle volg. Die juniors (graad 4-7) word in omgegroepe ingedeel wat direk na die oggenddiens bymekaarkom tydens die skoolkwartaal. Ons klassifiseer die tieners as graad 8-10. Hierdie groep kom... 17:00 in die kleinkerker op Sondag byeen... die byeenkoms begin met 'n erediens wat van toepassing is op tieners en hul styl en daarna verdaag hulle in groepe. Die belydenisklasse word deur die leraars gelei, met die doel dat die jongmense meer kennis oor ons belydenisskrifte sal opdoen. Verder word daar ook jeugaktiwiteite op Vrydagaande aangebied waar almal van enige ouderdom welkom is. Daar kyk ons fliëk, of <b>ons speel speletjies...</b> ja... enige iets waarmee die jonges vorendag kom wat doenbaar en lekker is.</p> <p>Navorsers: Wat beskou u as die belangrikste aspekte/aktiwiteite in die werk met tieners (14-17 jaar oud)?</p> <p><b>Nahum:</b> <b>Vertroue.</b> Daar moet vertroue wees om 'n <b>verhouding</b> met hulle te bou. Dit gee dan diepte aan die byeenkoms en verhoudinge wat gebou word. Die mense wat betrokke is en deel is van die aanbieding, moet 'n <b>passie</b> hê vir wat hulle doen. Kinders voel mos maar aan as iemand nie regtig omgee of regtig daar wil wees nie. So jou hart moet by die aktiwiteite wees.</p> <p>Navorsers: Speel die aktiwiteite/aspekte 'n rol in die tieneers se lewe?</p>	<p><b>Aktiwiteite</b></p> <p><b>Sondag,</b></p> <p><b>Speel</b></p> <p><b>Verhoudings</b></p> <p><b>Vertroue</b></p>

	<p><b>Nahum:</b> Dis maar die <b>basis van leer</b>, veral by jongmense. Sodra hulle iets prakties kan uitvoer wat hulle geleer het, is dit 'n groot deel van die leerproses... aktiwiteite is dus baie belangrik. Ek kan nie dink hoe gemeentes daarsonder hul jongmense leer nie. En aktiwiteite maak dit mos lekkerder as om daar te sit en klomp inligting te moet inneem. Kerk moenie soos skool wees nie. <b>Kinder moet kinders wees</b>. Daar moet <b>ruimte</b> wees om hulself te geniet en saam dit hulself te kan wees...</p> <p>Navorsers: Ervaar u leemtes in die jeugbediening en hoe sal u dit aanspreek?</p> <p><b>Nahum:</b> Verseker is daar leemtes. Daar sal mos maar altyd plek wees vir verbetering. Ons probeer ons bes om <b>saam die konteks en veranderende tye</b> te beweeg sodat ons oor sake praat wat van toepassing is op ons jongmense... so ja... <b>leemtes sal daar altyd wees...</b> die belangrikste is net om aan te hou probeer om hierdie leemtes te vul... en te besef dat dit nooit sal ophou nie, juis omdat ons konteks altyd aan die <b>verander</b> is.</p> <p>Navorsers: Hoe sal u u betrokkenheid by die jeugbediening beskryf? Sal u sê u werk met tieners en hulle geloofsvorming of sal u eerder sê u werk saam met tieners aan hulle geloofsvorming.</p> <p><b>Nahum:</b> Tweede opsie, sal sê werk <b>saam</b> hulle aan hulle geloofsvorming. Net so baie soos hulle by my kan leer kan ek by hulle leer indien nie meer nie.</p>	<p>Onderrig</p> <p>Uniekheid Ruimte</p> <p>Afsonder Teenwoordig Verander</p> <p>Saam</p>
--	---	--